# HOËRSKOOL KNYSNA

STABILIS ESTO

sedert 1929 since

# GEDRAGSKODE

# HOËRSKOOL KNYSNA – GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

# INDEKS


**Deel I - Gedragskode vir leerder ........................................................................ 3**

1 Agtergrond 3
2 Aanvaarding van Gedragskode 3
3 Woordbepalings 3
4 Hersiening van Gedragskode 4
5 Wysiging 4
6 Interpretasie 4
7 Leerdergebondenheid 4
8 Basiese regte en verpliginge 4

**Deel II – Gedragsreëls........................................................................ 5**

**Kategorie A: Reël/Wangedrag 5**

1 Algemene reels 5
2 Afwesigheid van skool of skoolaktiwiteite 5
3 Kleredrag en Voorkoms 6
4 Motorvoertuie en Motorfietse 6
5 Omgewing 6
6 Stiptelikheid 6
7 Skool- en Huiswerk 6/7
8 Sport en Buitemuurse aktiwiteite 7
9 Skooleiendom 7/8
10 Sellulêre Telepone, I-Pods en soortgelyke toestelle 8
11 Taalgebruik 8
12 Toetse en Eksamens 8
13 Verbode gebied 8/9
14 Algemene reels ten opsigte van Kleredrag en Voorkoms 9/12
15 In oorleg met huidige stelsel van demerietes – Insidenteringstrokie en punte 13

**Kategorie B: Ernstige Wangedra 14**

16 Algemene reels 14

**Deel III - Dissiplinêre Prosedures........................................................................ 15**
**(Toepassing op die ondersoek en verhoor van die verskillende kategorieë beweerde wangedragt)**

1\. Inleiding 15
2 Noodsaaklike vereistes in alle Dissiplinêre Prosedures 15
3 Opvoeders, Graadleiers/Arbiters 15
4 Toekenning van Strafpunte/Insidentering 16/17
5 Prosedure: Stafpunt (Demerits)- en Detensiestelsel 17/21
6 Reg van Appél en prosedure daarvoor 21

**Deel IV – Strafmaatreëls ........................................................................ 22**

1 Algemeen 22
2 Tersaaklike oorwegings by die keuse van `n toepaslike strafmaatreëls 22/23

| | | |
|---|---|---|
| 3 | Benadering tot toepassing van straf | 23 |
| 4 | Strafmaatreëls wat slegs die Beheerliggaam mag toepas | 23 |
| 5 | Strafmaatreëls wat nie deur die Beheerliggaam, skoolhoof of enige opvoeder ingestel mag word nie | 23/24 |
| 6 | Straf en die regte van die leerder | 24 |
| 7 | Straf vir die onderskeie kategorieëvan wangedrag | 24/25 |

**Deel V – Kwytskelding......26**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | General | 26 |

**Deel IV – Grieweprosedure......27**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Doel | 27 |
| 2 | Vertoulikheid | 27 |
| 3 | Griewe | 27 |
| 4 | Mediasie/Bemiddeling | 27 |
| 5 | Prosedure | 27/28 |
| 6 | Beëindiging van Prosedure | 28 |
| 7 | Ander griewe | 28 |

**Deel VII - Basiese Regte en Pligte......29**

| | |
|---|---|
| Inleiding | 29 |
| Skedule A: Die Skoolhoof en Opvoeders | 30/31 |
| Skedule B: Ouers | 32/34 |
| Skedule C: Leerders | 35/37 |
| Skedule D: Nie-opvoeder personeel | 37 |

**Deel VIII – Aanhangsels......38**

| | |
|---|---|
| Kennisgewing van Verhoor (Aanhangsel A) | 39 |
| Kennisgewing van `n strafbepaling deur die Beheerliggaam ingestel. (Aanhangsel B) | 40 |
| Kennis van Uitslag (Aanhangsel C) | 41 |
| Kennisgewing van moontlike skorsing (Aanhangsel D) | 42/44 |

# DEEL I

## 1. AGTERGROND

1.1 Hoërskool Knysna is 'n openbare skool soos bedoel in Artikel 12, gelees met Artikel 52, van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).

1.2 Die beheer van die skool vestig in sy beheerliggaam ingevolge Artikel 16 van die Skolewet.

1.3 Kragtens Artikel 8 van die Skolewet moet die beheerliggaam, onderworpe aan enige toepaslike provinsiale wet, 'n gedragskode vir leerders aanvaar na konsultasie met die leerders, hulle ouers en die opvoeders van die skool, welke gedragskode gerig moet wees op die vestiging van 'n gedissiplineerde en doelgerigte omgewing om doeltreffende onderwys en studie in die skool te bevorder.

1.4 Die beheerliggaam het met die ouers, leerders en opvoeders van die skool betreffende die inhoud van die gedragskode gekonsulteer en het, verder, die riglyne vir sodanige gedragskode gepubliseer deur die Minister van Onderwys in ag geneem.

## 2. AANVAARDING VAN GEDRAGSKODE

Die beheerliggaam aanvaar hiermee hierdie gedragskode vir leerders van die skool.

## 3. WOORDBEPALINGS

In hierdie gedragskode, tensy dit uit die samehang anders blyk, bevat die volgende woorde die betekenisse daarteenoor aangetoon:

| | |
|---|---|
| *“beheerliggaam”:* | Beheerliggaam van die skool, behoorlik ingestel kragtens die Skolewet. |
| *“dissiplinêre komitee”*: | Die komitee bestaande uit aangewese lede van die beheerliggaam en of die persone wat aangestel en gemagtig is kragtens ‘n besluit van die beheerliggaam om die beheerliggaam te verteenwoordig in die uitoefening van sy funksies in terme van die skolewet en hierdie gedragskode. |
| *“dissiplinehoof”:* | Die dienende personeellid verantwoordelik vir dissipline. |
| *"gevaarlike wapen":* | Enige wapen of toestel wat gebruik kan word om liggaamlike beserings toe te dien of wat tydelike verlamming of bewusteloosheid kan veroorsaak of wat skade aan eiendom kan veroorsaak. |
| *“ inisiasie “* | Enige handeling - verrig in die proses van inisiasie, toelating tot of lidmaatskap van die skool/’n groep of span - wat die geestelike of liggaamlike gesondheid of veiligheid van leerder/s in gevaar stel, - waardeur leerder/s minderwaardig behandel word, waardeur leerder/s onderwerp word aan vernederende of geweldadige optrede wat hul waardigheid aantas, waardeur leerder/s se fundamentele regte soos onderskryf in die grondwet van ons land ondermyn word, wat leerder/s se reg om met waardigheid en met respek behandel te word ondermyn, wat openbare of privaat eiendom beskadig. |
| *“leerder”*: | Enige leerder behoorlik toegelaat en ingeskryf by die Hoërskool Knysna. |
| *“minister”:* | Die Minister van Onderwys. |

| | |
|---|---|
| *“opvoeder”*: | Enige opvoeder, insluitende die skoolhoof en adjunkhoofde, wat van tyd tot tyd onderwysdienste by die skool lewer. |
| *“provinsiale depart”*: | Die Provinsiale Departement van Onderwys van die Provinsie Wes-Kaap. |
| *"regte en verpligtinge”*: | Die regte en pligte van die onderskeie belangegroepe van die skool soos uiteengesit in Deel VII van die gedragskode. |
| *“skool”*: | Die Hoërskool Knysna |
| *“skoolhoof”*: | Die dienende skoolhoof of waarnemende skoolhoof van Hoërskool Knysna van tyd tot tyd. |
| *"skooleiendom":* | Sluit die volgende in: die grond en geboue deur die skool beset en enige aanhegting aan sodanige grond en geboue *asook*: alle ander eiendom, insluitende toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor. |
| *“skolewet”*: | Die Suid-Afrikaanse Skolewet wet nommer 84 van 1996. |
| *“verhoorpaneel“:* | Lede van die beheerligaam wat `n wangedragverhoor behartig. |

## 4. HERSIENING VAN GEDRAGSKODE

Hierdie gedragskode mag deur die beheerliggaam hersien word wanneer nodig.

## 5. WYSIGING

Hierdie gedragskode mag gewysig word slegs na konsultasie met die opvoeders, ouers en leerders van die skool. Wysigings sal in werking tree wanneer dit deur die beheerliggaam aanvaar is en dit bekend gemaak is aan die opvoeders, ouers en leerders van die skool by wyse van skriftelike kennisgewing.

## 6. INTERPRETASIE

Enige meningsverskil rakende die interpretasie van hierdie gedragskode, sal finaal besleg word by wyse van 'n beslissing van die beheerliggaam.

## 7. LEERDERGEBONDENHEID

Elke leerder van die skool is gebonde aan hierdie gedragskode.

## 8. BASIESE REGTE EN VERPLIGTINGE

8.1 In hierdie gedragskode word daar erkenning gegee daaraan dat alle belangegroepe sekere basiese regte en verpligtinge het.

8.2 Deel VII van die gedragskode bevat die onderskeie regte en verpligtinge van die belangegroepevan die skool en het ten doel die skepping van 'n klimaat van onderlinge respek, begrip en verdraagsaamheid tussen die verskillende groepe, in die belang van vreedsame verhoudinge in Hoërskool Knysna.

# DEEL II

# GEDRAGSREËLS

**INLEIDING**

Vir die toepassing van hierdie gedragskode word gedragsreëls in twee kategorieë ingedeel (A en B), waar oortreding van die reëls wissel van minder ernstig wangedrag tot ernstige wangedrag. Hierdie indeling stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat geneem word en die verskillende prosedures wat gevolg mag word in die hantering van wangedrag.

## KATEGORIE A: REËL/WANGEDRAG

### 1. ALGEMENE REËLS

1.1 Die leerders moet hulle te alle tye gedra sodat hulle goeie ambassadeurs van die skool is.

1.2 Die leerders moet te alle tye indien hulle in die skool se skooldrag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle met die skool te verbind in die oë van die publiek, of terwyl hulle die skool verteenwoordig, direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, hulleself op so ’n wyse gedra dat dit nie die skool, personeel of hulle medeleerders in ‘n swak lig stel nie.

1.3 Dit word van leerders verwag om hulle te vergewis van hierdie gedragskode en om hulle te weerhou van optrede wat inbreuk maak op die regte van ander wat daarin vervat is.

1.4 Leerders moet te alle tye in hulle omgang met die skoolhoof, adjunkhoofde, opvoeders en ander personeel van die skool die nodige hoflikheid en respek betoon en moet hulle weerhou van optrede wat neerkom op opstandigheid. In hierdie verband sluit opstandigheid nie in enige optrede wat in ooreenstemming is met die regverdigbare uitoefening van die leerder se regte kragtens Deel VII van die gedragskode nie.

1.5 Leerders is verplig om die skoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde asook ‘n omgewing en toestande waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder moet leerders enige redelike opdrag van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die leerderraad of terreinprefekte te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer ten einde die oogmerk hierin genoem te verwesenlik.

1.6 In hulle omgang met mekaar moet leerders sover moontlik selfbeheersing toepas en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend of wat daartoe mag lei.

### 2 AFWESIGHEID VAN SKOOL OF SKOOLAKTIWITEITE

2.1 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan slegs met die skriftelike toestemming van die graadleier.

2.2 Indien enige leerder sonder ’n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is, word dit as stokkiesdraai gesien, wat streng verbode is.

2.3 ’n Leerder wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is moet by sy/haar terugkeer skool toe ’n skriftelike verduideliking van sy/haar ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as 3 (drie) agtereenvolgende dae sal slegs gekondoneer word indien ’n sertifikaat deur ’n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word of ander skriftelike rede deur die skoolhoof goedgekeur.

2.4 Kennisgewings: Elke leerder is verplig, om alle kennisgewings - insluitende alle

detensiebriewe – vanaf die skool wat deur die beheerliggaam, skoolhoof, dissiplinehoof of ’n opvoeder van die skool aan hom/haar gegee is, aan sy/haar ouers te oorhandig, en om stiptelik enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, aan die opvoeder te voorsien.

## 3 KLEREDRAG EN VOORKOMS

Leerders is verplig om die skool se kleredrag- en voorkomsreëls na te kom soos dit uiteengesit is op bladsye 9 – 12.

## 4 MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE

4.1 Geen leerder mag ’n motorvoertuig of motorfiets op die eiendom wat deur die skool geokkupeer word bring nie, tensy hy/sy beskik oor vooraf skriftelike toestemming van die skoolhoof of aangewese personeellid.

4.2 Die bestuur van ’n motorvoertuig of motorfiets deur ’n leerder op so ’n wyse dat dit ’n risiko of moontlike nadeel inhou vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein, word ten strengste verbied.

## 5 OMGEWING

5.1 Leerders mag nie die skoolgronde of geboue bemors nie.

5.2 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein deur hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.

5.3 Leerders moet kleedkamers en toilette skoon agterlaat.

5.4 Enige optrede of versuim van leerders wat ’n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.

5.5 Leerders mag nie op die skoolgronde of op enige ander plek geklee in vol of deel van hul skooluniform, rook nie.

5.6 Leerders mag nie in die teenwoordigheid van ander rokende leerders wees nie.

5.7 Leerders mag nie sigarette of enige vorm van tabak of alkoholiese drank in hul besit hê nie.

5.8 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of ’n waterkraan ooplos nie.

5.9 Dit is verbode om slagspreuke (“graffiti”), plakkers, plakkate ens. op enige oppervlakte by die skool aan te bring, sonder die toestemming van die skoolhoof.

5.10 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of lid van die leerderraad of terreinprefek met betrekking tot die handhawing van ’n skoon en higiëniese skoolomgewing.

## 6 STIPTELIKHEID

Die skooldag en skoolaktiwiteite is versigtig beplan om die maksimum beskikbare tyd aan onderrig te bestee. Laatkommery veroorsaak ongewenste ontwrigting van die onderrigproses en aktiwiteite. Gevolglik moet leerders altyd op die bestemde tyd opdaag en aanwesig bly totdat hul deur die bevoegde persoon verskoon word.

## 7 SKOOL- EN HUISWERK (Verwys na leerders wat inskryf by H/S Knysna aansoek doen, onderneming teken)

7.1 Elke leerder moet die huiswerk wat deur ’n opvoeder voorgeskryf is, doen en stiptelik op die spertyd daarvoor aan die betrokke opvoeder oorhandig.

7.2 Elke leerder moet hand– en werkboeke wat vir die dag nodig mag wees by die skool hê.

7.3 Leerders moet hul huiswerk en take eerlik uitvoer en hul eie werk inlewer.

7.4 Leerders moet hul tydens klas en enige byeenkomste so handhaaf dat hul nie die geleentheid wat ander leerders het om te leer en te werk nadelig beïnvloed nie.

7.5 Leerders moet klastyd en ander tyd wat aangewend moet word vir opvoeding optimaal benut en daarom word leerders nie toegelaat te word om tydens hierdie sessies te slaap, te eet, rond te loop of te praat sonder toestemming van die opvoeder nie.

7.6 Leerders wat versuim om hulle huiswerk te voltooi of nie handboeke, skrifte of noodsaaklike skryfbehoeftes in die klas byderhand het nie, sal `n 45-minute huiswerk les na skool (sien aanhangsel 4) moet bywoon. Onglukkig kan ouers nie vooraf in kennis gestel word nie. Verneem egter dat spesiale reëlings gemaak kan word.

## 8 SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

### 8.1 Deelnemers aan sport en ander buitemuurse aktiwiteite

8.1.1 Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteit of namens hulle interne spanne, moet geklee wees in die sportdrag soos in die kleredragreëls uiteengesit, tydens en na deelname aan sodanige aktiwiteit.

8.1.2 Van alle leerders wat deelneem aan gemelde sportaktiwiteite word lojaliteit teenoor die skool en mededeelnemers verwag. In besonder moet deelnemers betyds en stiptelik aanmeld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind of vanwaar die deelnemers vertrek na die betrokke plek van deelname en daar teenwoordig bly totdat hulle verskoon is.

8.1.3 Dit word van deelnemers aan gemelde sportaktiwiteite namens die skool verwag om te alle tye hoflik op te tree teenoor en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van:

8.1.3.1 die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sportsoort;

8.1.3.2 die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit;

8.1.3.3 die spankaptein.

8.1.4 Alhoewel dit aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en met volle inspanning doen, word van sodanige leerders verwag om selfbeheersing en dissipline toe te pas. In die besonder mag leerders nie op ‘n onsportiewe wyse optree nie en mag hulle nie vuil of beledigende taal gebruik of betrokke raak in gevegte of insidente of hulle skuldig maak aan vuil- of onbehoorlike spel van enige aard nie.

### 8.2 Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite

8.2.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon sal, benewens die verpligting om die bepalings van hierdie gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.

8.2.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die skoolhoof , enige opvoeder, lid van die leerderraad of ouer deur die skoolhoof aangestel om te help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit of dit bywoon.

## 9 SKOOLEIENDOM

9.1 Elke leerder is verplig om alles in sy/haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool.

9.2 Enige skooleiendom wat aan die sorg en kontrole van ’n leerder toevertrou word, moet aan die skool terug gelewer word op die bestemde tyd (d.w.s. wanneer versoek deur die beheerliggaam, skoolhoof of ’n opvoeder van die skool), in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit aan die leerder toevertrou is, billike gebruik en slytasie uitgesluit. Leerders en hul ouers sal aanspreeklik wees teenoor die skool vir vergoeding vir enige verlies of skade aan sodanige eiendom.

Geen leerder mag doelbewus of per ongeluk enige skooleiendom skend, beskadig, vernietig of verloor nie. Waar skade aangerig word deur ‘n leerder kan daar van die ouer verwag word om die skool te vergoed vir die skade aangerig deur die leerder.

9.3 Geen leerder mag enige skooleiendom van die perseel van die skool verwyder sonder die vooraf toestemming van die skoolhoof of ’n opvoeder van die skool nie.

9.4 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël is van toepassing op eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, asook enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.

## 10 SELLULÊRE TELEFONE, iPODS EN SOORTGELYKE TOESTELLE

10.1 Daar word van leerders verwag om sellulêre telefone en soortgelyke toestelle tydens skooltye buite sig en afgeskakel te hou.

10.2 Indien dit nodig sou raak om in `n noodgeval van die telefoon gebruik te maak kan die leerder by die kantoor aanmeld en reëlings tref.

10.3 Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies van sodanige toestelle nie.

10.4 Indien ‘n leerder ‘n “sellulêre foon of toestel“-oortreding begaan sal die toestel afgeneem word vir tien skooldae addisioneel tot die strafmaatreël.

## 11 TAALGEBRUIK

11.1 Dit word van leerders verwag om hulself altyd op ‘n beskaafde wyse uit te druk, hoflik op te tree teenoor opvoeders, personeel, besoekers en medeleerders.

11.2 Geen leerder word toegelaat om vloek-, skel-, kru- of vernederende taal teenoor die skoolhoof, opvoeders, personeel, besoekers of medeleerders te besig nie.

## 12 TOETSE EN EKSAMENS

Toetse en eksamens het ten doel om die leerder se kennis en begrip van ’n bepaalde deel van die skoolwerk te beoordeel.

12.1 Alle leerders is verplig om hulle te onderwerp aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders in die loop van hul professionele pligte afgeneem word. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle gekondoneer word, nadat die ouers van die betrokke leerder ’n volledige en aanvaarbare verduideliking op skrif aan die skoolhoof oorhandig het op die vroegs moontlike geleentheid.

12.2 Leerders moet hulle tydens die afneem van toetse of eksamens weerhou van afkykery of enige ander oneerlike gedrag.(behalwe die strafsanksie ontvang leerder ook ‘n 0 punt). Alle gevalle sal ondersoek word deur die SAIC (‘School Assessment Irregularity Committee).

12.3 Leerders mag nie op enige wyse met mekaar kommunikeer of enige steurnis veroorsaak tydens die afneem van toetse of eksamens nie.

12.4 Geen leerder mag in besit wees van ‘n selfoon terwyl hy/sy eksamen of toets skryf nie.

## 13 VERBODE GEBIED

13.1 Geen leerder mag tydens gewone skoolure op verbode gebiede van die skoolterrein wees sonder toestemming van ‘n opvoeder nie.

13.2 Verbode gebiede isbuy die skool aangewys en afgekondig

13.3 Voor en tydens skooltyd by personeel en/of leerders se motors.

13.4 Alle drade rondom die skool behalwe soggens voor skool.

13.5 Geen leerder mag in gange of in klaskamers wees gedurende pouse pof voor skooldag nie, tenys onder toesig van ’n personeellid of leerderraad. Indien dit reën, word leerders in die onderste vlak se gang toegelaat.

13.6 Die voorportaal is verbode, behalwe wanneer ’n gtrondige rede bestaan om daar te wees.

13.7 Leerders mag op die teerblad speel en ook op beton-oppervlak om die skool.

13.8 Die area rondom die personeelkamer is egter verbode tydens personeelvergaderings en net voor die skooldag begin.

13.9 Enige ander area wat aan die leerders verklaar word as verbode gebied.

13.10 Leerders mag onder geen omstandighede in die area noord van Kunsklas wees nie.

13.11 Leerders mag nie op die trappe tussen saal en rekenaarsentrum wees gedurende die skooldag nie,behalwe wanneer dit reën.

## 14 ALGEMENE REËLS T.O.V. KLEREDRAG EN VOORKOMS

**(Leerders is verplig om die skool se kleredrag-en voorkomsreëls na te kom soos uiteengesit in Skooldrag 14.10.1 – 14.10.4.)**

### 14.1 VERSORGING VAN HARE

#### 14.1.1 MEISIES

- As die hare oor die voorkop hang, moet dit bokant die wenkbroue geknip wees.
- As die hare onder die hempkraag hang, moet dit in een of twee poniesterte gebind wees.
- Los hare moet netjies met knippies opgesteek wees.
- Haarlinte, bande, strikke en kammetjies mag swart, vlootblou, of wit wees.
- Hare moet `n natuurlike voorkoms hê.
- Hare se natuurlike kleur mag nie verander word nie (bv. van donkerbruin na blond, blond na swart, ens. nie).

**Haarkleur is dus stylvol en natuurlik. Indien hare onnatuurlik gekleur is, mag die leerder nie die skool verteenwoordig nie, mag sy ook nie skoolgeleenthede bywoon nie, en mag sy gevra word om die hare eers “reg” te kleur voordat sy weer klasse mag bywoon.**

#### 14.1.2 SEUNS

- Hare moet te alle tye netjies gesny en gekam wees.
- As die kuif vorentoe gekam word, mag die kuif nie aan die wenkbroue raak nie.
- Hare mag nie aan die ore raak as dit afgekam word nie.
- Hare moet in die nek netjies uitgesny en vir ± 20 mm bokant die kraag skoon wees.
- Wangbaarde mag nie laer as die middel van die oor wees nie.
- Leerders moet te alle tye netjies geskeer wees.

- Die hare mag nie korter geskeer word as nr. 4 nie.
- Geen sonstrepe (“highlights” of “low-lights”).
- Geen vlegsels of koringrye word toegelaat nie.
- Hare mag glad nie gekleur word nie. Hare se natuurlike kleur mag nie verander word nie (bv. Van donkerbruin na blond, blond na swart, ens. nie).
- Geen jel – indien dit gebruik word om punte of vreemde haarstyle te skep nie.

**14.2 JUWELIERSWARE**

- Geen versierings, hangertjies, ringe, neusringe, tongring, naeltjieringe ens. by skooldrag nie. Behalwe horlosie, mag slegs “medic alert” hangertjie/armband gedra word.
- Oorringe: Slegs goue of silwer “studs” of kleurlose pêrel of diamantoorbelle (3 mm in deursnee), “sleepers” (1 cm) in deursnee mag gedra word en slegs een in elke oor en dan in die onderste gaatjie van die oorlel.
- Onaanvaarbare juweliersware sal afgeneem en in die kluis geberg word tot die einde die betrokke kwartaal.

**14.3 LAPELWAPENS**

Lapelwapens wat ‘n prestasie of betrokkenheid in skoolverband aandui en deur die klerekomitee goedgekeur is, mag gedra word.

**14.4 NAELS**

Moet te alle tye kort en skoon wees. Meisies mag slegs kleurlose naellak gebruik.

**14.5 GRIMERING**

Geen grimering word saam met enige van die amptelike skooldrag of sportdrag gedra nie.

**14.6 KOUGOM**

Die kou van kougom word nie in die skool toegelaat nie.

**14.7 TASSE**

- Versterk, met handvatsel
- Geen graffiti op tasse, slegs naam en graad

**14.8 REËNBAADJIES**

Hierdie kledingstuk mag op reëndae skool toe gedra word. In kwartale 1 en 4 moet dit binne die skoolgebou weer uitgetrek word. Tydens kwartale 2 en 3 mag dit op reëndae ook binne die skool gedra word. Die skoolbaadjie moet op Maandae tydens saalbyeenkoms gedra word.

**14.9 MUSSE**

- Slegs die amptelike skoolmus mag gedra word in die winter.

**LET WEL**: Op persoonlike voorkoms, netheid en sindelikheid moet deurgaans streng gelet word. Wanneer skoliere in die openbaar in skooldrag verskyn, geld die gewone skoolreëls. Leerders wat hulle nie hou by bogenoemde voorskrifte nie, sal gevra word om hulle voorkoms onmiddellik reg te stel **voor hulle verder klasse kan bywoon.**

## KLEREDRAG

### 14.10 SKOOLDRAG

#### 14.10.1 SEUNS: SOMER – KWARTAAL 1 EN 4

| | |
|---|---|
| Lyfband | Swart (geen motief op die lyfband).<br>Geen oordadige gespes nie. |
| Broek | “Tuskies” Chino langbroek. |
| Sokkies | Grys. |
| Skoene | Swart toerygskoene sonder enige motiewe (nie stewels nie).<br>**NB**: Standaarddikte sool.<br>Sole wat swart merke op vloere laat, moet vermy word.<br>Afwykings word slegs op mediese gronde toegelaat. |
| Hemp | Wit oopknoophemp met kort moue met blou skoolwapen.<br>Hemde moet netjies in die broek ingesteek wees. |
| | **LET WEL: Slegs ‘n wit T-hemp (sonder ontwerp) word onder hemp toegelaat**. |
| Baadjie | Amptelike skoolbaadjie met wapen.<br>Verpligtend tydens saalbyeenkomste. |
| Trui | Langmou skooltrui met wapen. |
| Oortrektrui | Moulose vlootblou trui. |

#### 14.10.2 SEUNS: WINTER – KWARTAAL 2 EN 3

| | |
|---|---|
| Hemp | Wit langmou dashemde met skooldas |
| Trui | Langmou vlootblou skooltrui met wapen.<br>Gr 12 leerders dra wit truie en oortrektruie. |
| Oortrektrui | Mou-lose navy blou trui, met langmouhemp. |
| Serp | Slegs die amptelike skoolserp mag gedra word.<br>**Das is steeds verpligtend.** |
| Baadjie | Amptelike baadjie, verpligtend tydens saal. |
| **Langbroek** | “Tuskies” Chino langbroek. |
| Kouse | Grys.. |
| Skoene | Swart ryg-skoene sonder enige patrone of motiewe.<br>Sole standaard-dikte, uitsonderings slegs om mediese redes. |
| Mus | Slegs die amptelike skoolmus mag gedra word. |
| Handskoene | Swart. |

### 14.10.3 MEISIES: SOMER – KWARTAAL 1 EN 4

| | |
|---|---|
| Rok | Amptelike skoolrok, wit kortmouhemp. Lengte: 12 cm bo die knie vanaf grond gemeet as die meisie op haar knieë staan. |
| Langbroeke | Medium grys langbroeke, dieselfde lengte as standaard-langbroeke met netjies-gestikte some. |
| Skoene | Swart toerygskoene of swart skoene met bandjie oor voet. |
| Baadjie | Amptelike skoolbaadjie met wapen.<br>Verpligtend tydens saalbyeenkomste. |
| Trui | Langmou skooltrui met wapen. |
| Sokkies | Kort wit sokkies, sonder logo, motiewe of strepies. Geen "secret socks" nie. |
| Oortrek-trui | Moulose vlootblou trui<br>**Mag sonder baadjie gedra word** |

### 14.10.4 MEISIES: WINTER - KWARTAAL 2 EN 3

| | |
|---|---|
| Rok | Amptelike skoolrok rok en wit langmouhemp. Lengte: 12 cm bo knie as van grond gemeet terwyl dogter op knieë staan.<br>Skooldas. |
| Langbroek | Mediumgrys langbroek. |
| Kouse | Lang swart kouse (nie dik gebrei, wel "winter woollies"). |
| Sokkies | Kort wit sokkies, sonder logo, motiewe of strepies. Geen "secret socks" nie. |
| Skoene | Dieselfde as vir somer. |
| Trui | vlootblou skooltrui met wapen.<br>Gr 12 leerders dra wit truie en oortrektruie. |
| Oortrektrui | Moulose vlootblou trui – saam met langmouhemp. |
| Serp | Slegs die amptelike skoolserp mag gedra word.<br>**Das is steeds verpligtend met serp.** |
| Handskoene | Swart. |
| Baadjie | Amptelike skoolbaadjie met wapen, verpligtend tydens saal. |
| Mus | Slegs die amptelike skoolmus mag gedra word. |

## 15 IN OORLEG MET HUIDIGE STELSEL VAN DEMERIETES – INSIDENTERINGSTROKE EN PUNTE

| KNYSNA HOËRSKOOL | | | |
|---|---|---|---|
| **OORTREDINGS** | | | |
| 1 | Eet/Rondloop/Slaap/Praat – klas/byeenkoms | 8.5 | 2 |
| 2 | Skool uniform/voorkoms | 4 | 2 |
| 3 | Kennisgewings antwoordstrokies | 3 | 2 |
| 4 | Afwesigheidsbriewe | 2.1 | 2 |
| 5 | Laat vir skool/periode | 7 | 2 |
| 6 | Rommelstrooi | 6.1 | 2 |
| 7 | Huiswerk/Vergeet boeke of skryfbehoeftes | 8 | 2 |
| 8 | Versuim om te werk tydens klastyd | 8.4 1.5 | 2 |
| 9 | Motorfiets-/motorpermit | 5.1 | 2 |
| 10 | Selfoon/ander apparaat in klas/gange | 11 | 4 |
| 11 | Verontagsaming – billike opdrag | 1.5 | 4 |
| 12 | Leuens/Verskaf foutiewe inligting | 15.15 | 4 |
| 13 | Betreding van verbode terrain | 14 | 4 |
| 14 | Ontwrigtend – versagtend klas/saal | 8.4 | 4 |
| 16 | Afwesig sonder verlof – skool/klas | 2 | 6 |
| 17 | Ontwrigtend – verswarend | 8.4 | 6 |
| 18 | Swak gedrag – Ontwrig byeenkoms | 15.19 | 6 |
| 19 | Swak gedrag in openbaar – skoolverwant | 1.2 | 6 |
| 20 | Arrogant/Onbeskaaf – gesagsfiguur | 1.4 15.7 | 6 |
| 21 | Afdreiging/Intimidasie / viktimitasie | 156 | 6 |
| 22 | Beskadiging van eiendom/Graffiti | 6.9 10.3 | 6 |
| 23 | Toilette verstop/krane oop los | 6.8 | 6 |
| 24 | Oneerlikheid – take/projekte | 8.3 | 6 |
| 25 | Vloek/skel/verkleineer/taalgebruik | 12 15.7 | 6 |
| 26 | Rook/Rokersgeselskap/Besit | 6.6 6.7 | 12 |
| 27 | Stokkiesdraai – hele dag | 2.2 | 12 |
| 28 | Wegbly buitemuurse aktiwiteit | 9.1 | 12 |
| 29 | Besit gevaarlike wapen | 15.5 | 12 |
| 30 | Bakleiery/Afknouery | 15.4 | 12 |
| 31 | Swak gedrag- verswarend | 1.2 15 | 12 |
| 32 | Openbare verleentheid vir skool | 1.2 15 | 12 |
| 33 | Oneerlikheid toets/eksamen tesame met 0 punt | 13.2 13.3 | 12 |
| 34 | Wegbly van detensie/straf | 15.23 | 12 |
| 35 | Skoolhoof/Dissiplinêrehoof | | |
| Naam van leerder: | | | |
| Toelatingsnommer: | | Graad en seksie: | |
| Handtekening van leerder: | | Datum: | |
| Leerder erken: | | Leerder ontken: | |
| Naam/nommer van opvoeder: | | Handtekening/paraaf van opvoeder: | |
| Opmerking van opvoeder op rugkant, indien nodig. | | | |

| HOËRSKOOL KNYSNA | | | |
|---|---|---|---|
| **OORTREDINGS** | | | |
| 1 | Eet/Rondloop/Slaap/Praat – klas/byeenkoms | 8.5 | 2 |
| 2 | Skool uniform/voorkoms | 4 | 2 |
| 3 | Kennisgewings antwoordstrokies | 3 | 2 |
| 4 | Afwesigheidsbriewe | 2.1 | 2 |
| 5 | Laat vir skool/periode | 7 | 2 |
| 6 | Rommelstrooi | 6.1 | 2 |
| 7 | Huiswerk/Vergeet boeke of skryfbehoeftes | 8 | 2 |
| 8 | Versuim om te werk tydens klastyd | 8.4 1.5 | 2 |
| 9 | Motorfiets-/motorpermit | 5.1 | 2 |
| 10 | Selfoon/ander apparaat in klas/gange | 11 | 4 |
| 11 | Verontagsaming – billike opdrag | 1.5 | 4 |
| 12 | Leuens/Verskaf foutiewe inligting | 15.15 | 4 |
| 13 | Betreding van verbode terrain | 14 | 4 |
| 14 | Ontwrigtend – versagtend klas/saal | 8.4 | 4 |
| 16 | Afwesig sonder verlof – skool/klas | 2 | 6 |
| 17 | Ontwrigtend – verswarend | 8.4 | 6 |
| 18 | Swak gedrag – Ontwrig byeenkoms | 15.19 | 6 |
| 19 | Swak gedrag in openbaar – skoolverwant | 1.2 | 6 |
| 20 | Arrogant/Onbeskaaf – gesagsfiguur | 1.4 15.7 | 6 |
| 21 | Afdreiging/Intimidasie / viktimitasie | 156 | 6 |
| 22 | Beskadiging van eiendom/Graffiti | 6.9 10.3 | 6 |
| 23 | Toilette verstop/krane oop los | 6.8 | 6 |
| 24 | Oneerlikheid – take/projekte | 8.3 | 6 |
| 25 | Vloek/skel/verkleineer/taalgebruik | 12 15.7 | 6 |
| 26 | Rook/Rokersgeselskap/Besit | 6.6 6.7 | 12 |
| 27 | Stokkiesdraai – hele dag | 2.2 | 12 |
| 28 | Wegbly buitemuurse aktiwiteite | 9.1 | 12 |
| 29 | Besit gevaarlike wapen | 15.5 | 12 |
| 30 | Bakleiery/Afknouery | 15.4 | 12 |
| 31 | Swak gedrag- verswarend | 1.2 15 | 12 |
| 32 | Openbare verleentheid vir skool | 1.2 15 | 12 |
| 33 | Oneerlikheid toets/eksamen tesame met 0 punt | 13.2 13.3 | 12 |
| 34 | Wegbly van detensie/straf | 15.23 | 12 |
| 35 | Skoolhoof/Dissiplinêrehoof | | |
| Naam van leerder: | | | |
| Toelatingsnommer: | | Graad en seksie: | |
| Handtekening van leerder: | | Datum | |
| Leerder erken: | | Leerder ontken: | |
| Naam/nommer van opvoeder: | | Handtekening/paraaf van opvoeder: | |
| Opmerking van opvoeder op rugkant, indien nodig. | | | |

## KATEGORIE B: ERNSTIGE WANGEDRAG

**16 LEERDERS MOET HUL WEERHOU VAN DIE VOLGENDE ERNSTIGE WANGEDRAG:**

16.1 Enige growwe of herhaalde oortreding van die reëls van KATEGORIE A van die gedragskode, soos hierbo genoem:

16.2 Gedrag wat die veiligheid van ander leerders bedreig en hulle regte ernstig aantas.

16.3 Enige kriminele oortredings waarby geweld of die aantasting van ’n ander persoon se liggaamlike integriteit ter sprake is.

16.4 Bakleiery, aanranding of mishandeling.

16.5 Besit of gebruik van of dreig met ’n gevaarlike wapen.

16.6 Viktimisasie, afknouery of intimidasie van medeleerders.

16.7 Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag of beledigende taal teenoor personeel of medeleerders.

16.8 Belastering of aantasting van die waardigheid van ’n lid van die personeel.

16.9 Diefstal of besit van gesteelde goedere, insluitende toets- of eksamenvraestelle voor aflegging van die betrokke toets of eksamen.

16.10 Vandalisme, vernietiging of beskadiging van eiendom.

16.11 Gedrag wat neerkom op skadelike graffiti, haatspraak, sekssisme en rassisme.

16.12 Kriminele gedrag soos verkragting of seksuele teistering.

16.13 Besit of verspreiding van pornografiese materiaal.

16.14 Enige vorm van openbare onwelvoeglikheid of immorele gedrag.

16.15 Doelbewuste en opsetlike verskaffing van vals inligting of die vervalsing van dokumentasie met die doel om daardeur ’n onregverdige voordeel in die skool te verkry.

16.16 Growwe oneerlikheid in ’n toets of eksamen.

16.17 Verspreiding van enige toets- of eksamenmateriaal wat ’n ander leerder in staat mag stelom n onregverdige voordeel in die toets of eksamen te verkry.

16.18 Omkopery van enige persoon of poging daartoe, met betrekking tot enige toets of eksamen, ten einde onbehoorlike voordeel te bewerkstellig vir enige persoon.

16.19 Gedrag wat `n ernstige bedreiging, ontwrigting of frustrasie van die leer- en onderrigproses in die klas daarstel.

16.20 Deelneem aan ’n sameswering om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig deur middel van kollektiewe optrede.

16.21 Deelneem of sameswering om deur middel van kollektiewe optrede skade van enige aard aan eiendom of enige persoon te veroorsaak (groep of bendevorming).

16.22 Besit, gebruik of verskaffing van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmende stowwe van enige aard.

16.23 Om onder die invloed van alkohol en of dwelmmiddels te wees.

16.24 Enige handeling of deelname aan enige vorm van inisiasie van enige ander leerling van die skool.

16.25 Enige versuim om te voldoen aan enige strafmaatreël wat weens ’n oortreding van hierdie gedragskode opgelê is.

16.26 Enige versuim om sonder aanvaarbare verskoning dissiplinêre verrigtinge teen die leerder ingestel weens oortreding van hierdie gedragskode, by te woon en aanwesig te bly.

# DEEL III

# DISSIPLINÊRE PROSEDURES VAN TOEPASSING OP DIE ONDERSOEK EN VERHOOR VAN DIE VERSKILLENDE KATEGORIEË BEWEERDE WANGEDRAG

## 1. INLEIDING

1.1 Met die opstel van dissiplinêre prosedures vir die verskeie kategorieë van wangedrag is daar verskeie oorwegings ter sprake. Terwyl daar te alle tye 'n behoorlike proses en 'n regverdige verhoor moet wees, sal onderrig in die skool tot stilstand kom indien elke dissiplinêre aangeleentheid tot 'n miniverhoor moet ontwikkel. Aan die anderkant, terwyl geregtigheid spoedig toegepas moet word, moet dit nooit lei tot die ontneming van geregtigheid nie. Namate die erns en gevolge vir die leerder van die oortreding meer en meer word, ontstaan daar 'n groter behoefte vir 'n omvattende proses.

1.2 Arbiters in dissiplinêre aangeleenthede in skoolverband dra 'n groot verantwoordelikheid, hoe klein of hoe ernstig die beweerde wangedrag ook al mag wees. Ouers moet kan aanvaar dat daar op 'n regverdige, gebalanseerde en ferm wyse met hulle kinders gehandel sal word. Leerders het die reg om as sulks behandel te word. Arbiters moet ook besef dat hulle met kinders werk wat van nature maklik geïntimideer en afgedreig kan word deur 'n volwassene; hulle verkeer op ongelyke vlak wanneer hulle hulleself moet verdedig teen aggressiewe beskuldigings deur diegene wat in 'n gesagsposisie teenoor hulle staan.

1.3 Arbiters moet streng onpartydig wees en nie beïnvloed word deur vooropgestelde idees, kollegiale druk of enige oorwegings, wat mag lei tot die mislukking van regverdigheid en geregtigheid teenoor 'n leerder nie. Hulle moet goed luister en noukeurig ondersoek instel om te verseker dat behoorlike geregtigheid toegepas word, selfs indien dit sou beteken dat 'n probleem onthul word wat hulle kollegas in die verleentheid mag stel.

## 2. NOODSAAKLIKE VEREISTES IN ALLE DISSIPLINÊRE PROSEDURES

2.1 Volle geleentheid moet aan die leerder gebied word om sy/haar weergawe of tersaaklike feite en omstandighede op rekord te plaas.

2.2 Die arbiters moet oop kaarte speel met die leerder deur aan hom/haar te openbaar op welke inligting daar staatgemaak sal word en welke aangeleenthede oorweeg sal word ten einde 'n beslissing te bereik. In daardie stadium word die leerder toegelaat om kommentaar te lewer of getuienis te weerlê of teenargumente voor te lê.

2.3 So ver as moontlik moet die leerder die geleentheid gebied word om gebruik te maak van die bystand van sy/haar ouer of ouers gedurende of in verband met die dissiplinêre prosedure.

2.4 Die grondwetlike regte van die leerders (regte en pligte) moet te alle tye gerespekteer en nagekom word en so min as moontlik aangetas word.

2.5 Geskrewe uitsprake/beslissings en die redes daarvoor moet aan die leerder en sy/haar ouers voorsien word.

## 3. OPVOEDERS, GRAADLEIERS/ARBITERS

Opvoeders wat as graadleiers aanstel is, tree op as arbiters, in dissiplinêre aangeleenthede waar kategorie A wangedrag beweer word, waarby die leerders in die betrokke grade betrokke is. In uitsonderlike gevalle of wanneer die graadleier so ‘n versoek rig, kan die dissiplinehoof of skoolhoof as arbiter optree.

## 4. TOEKENNING VAN STRAFPUNTE/INSIDENTERING

Slegs by Kategorie A wangedrag en as uitsondering by minder ernstige Kategorie B wangedrag. Die dissiplinêre komitee ken strafwaarde toe - sien insidenteringstrokie - Aanhangsel C - strafpunte. In gevalle waar geen strafwaarde toegeken is aan sekere wangedrag , kan die skool– of dissiplinehoof ‘n gepaste waarde toeken.

### 4.1 Beweerde wangedrag in teenwoordigheid van opvoeder

4.1.1 Waar die beweerde wangedrag in die teenwoordigheid van die opvoeder plaasgevind het, word die aangeleentheid deur die opvoeder hanteer.

4.1.2 Die opvoeder sal dan die wangedrag ter sprake aan die leerder bekend maak tesame met die aantal strafpunte wat toegeken mag word.

4.1.3 Die leerder word dan die geleentheid gegun word om daarop te reageer indien die leerder die **wangedrag erken**, onderteken die leerder die insidenteringstrokie.

4.1.4 Die opvoeder ken dan die strafpunte toe en plaas die insidenteringstrokie in die betrokke lêer waarna dit op die rekenaar aangevoer word.

4.1.5 Indien die leerder die beweerde **wangedrag ontken**, onderteken die leerder die insidenteringstrokie en dui aan dat die bewering ontken word. ‘n Geskrewe respons moet binne 24 uur gelewer en by die betrokke Graadhoof, adjunkhoof, of hoof ingehandig word.

4.1.6 Die opvoeder het dan die diskresie om die aangeleentheid na die graadleier te verwys vir beslegting - die leerder word dan oor die besluit ingelig.

4.1.7 Indien die opvoeder die aangeleentheid na die graadleier verwys, heg die opvoeder ‘n verslag aan die insidenteringstrokie en oorhandig dit aan die graadleier.

4.1.8 Waar die aangeleentheid deur die graadleier besleg word, moet die leerder voor 14:00 op die eerste skooldag wat volg na die ondertekening van die insidenteringstrokie ‘n skriftelike verslag by die betrokke graadleier inlewer vir oorweging.

4.1.9 Indien geen skriftelike verslag van die leerder ontvang word nie, ken die graadleier die strafpunte toe en gee dit deur vir vaslegging op rekenaar.

4.1.10 Waar `n skriftelike verslag ontvang is deur die graadleier kan hy/sy dit oorweeg tesame met die verslag van die verwysende opvoeder en die aangeleentheid besleg op grond van die skriftelike verslae. Indien die graadleier dit verlang, moet mondelinge voorleggings gemaak word. Die graadleier kan bevind dat geen wangedrag plaasgevind het nie of indien daar wel wangedrag plaasgevind het, kan hy/sy die oorspronklike strafpunte toeken, dit verminder waar versagtende faktore gevind word of dit verhoog waar verswarende faktore gevind word.

4.1.11 Die graadleier stel die leerder hierna in kennis. Indien die leerder nie tevrede is met die graadleier se bevinding nie kan hy/sy versoek dat die aangeleentheid deur die dissiplinehoof hersien word.

### 4.2 Beweerde wangedrag aan opvoeder gerapporteer deur mede-leerder

4.2.1 Waar die beweerde wangedrag aan `n opvoeder gerapporteer word deur ‘n medeleerder, kan die opvoeder die aangeleentheid ondersoek deur na beide leerders se weergawes te luister. Indien dit vir die opvoeder blyk dat die aanklag ongegrond is, kan die opvoeder so gelas. Waar dit na ondersoek blyk dat die aanklag wel meriete het, kan die opvoeder die wangedrag ter sprake aan die leerder bekend maak, tesame met die aantal strafpunte wat toegeken mag word.

4.2.2 Die leerder word dan die geleentheid gegun om daarop te reageer, indien die leerder die **wangedrag erken**, onderteken die leerder die insidenteringstrokie.

4.2.3 Die opvoeder ken dan die strafpunte toe en plaas die insidenteringstrokie in die betrokke lêer

waarna dit op die rekenaar ingevoer word.

4.2.4 Indien die leerder die beweerde **wangedrag ontken** word die aangeleentheid vir beslegting tesame met die betrokke leerders na die graadleier verwys.

4.2.5 Die graadleier kan verlang dat beide partye mondelinge of skriftelike voorleggings maak vir oorweging. Die graadleier kan bevind dat geen wangedrag plaasgevind het nie of indien daar wel wangedrag plaasgevind het, kan hy/sy die oorspronklike strafpunte toeken, dit verminder waar versagtende faktore gevind word of dit verhoog waar verswarende faktore gevind word.

## 5. PROSEDURE: STRAFPUNT (Demerits)- EN DETENSIESTELSEL

5.1 Strafpunte word toegeken vir wangedrag afhangend van die erns en gereelde voorkoms daarvan wat wissel van twee (2) tot twaalf (12) punte. Sien aanhangsel vir puntewaarde.

5.2 Sodra leerders ses strafpunte opgehoop het, word daar aan hul ‘n detensiekennisgewing oorhandig wat aan die ouers oorhandig en deur hul onderteken moet word en terug na die skool gestuur moet word vir rekordhouding.

5.3 Die leerders moet vir detensie op Vrydae (14:15 – 16:15) aanmeld, soos genoem in die kennisgewing.

5.4 Indien die leerder nie, as gevolg van omstandighede buite sy/haar beheer of sportverpligtinge, die detensie kan bywoon nie, moet hy/sy ‘n skriftelike versoek van sy/haar ouers en waar van toepassing, ondersteun deur die betrokke sportopvoeder, by die graadleier inhandig. Die versoek moet die oggend voor die detensieklas ingehandig word. Detensie sal dan op ‘n latere stadium gesit moet word.

5.5 Indien ‘n leerder detensiekennisgewings ontvang en dit nie geteken terug by die skool besorg nie, nie opdaag vir detensie nie, laat opdaag vir detensie of hom/haar skuldig maak aan verdere wangedrag tydens detensie sal verdere strafpunte toegeken word. Spertyd Vrydae tydens Registerperiode. (12 Punte)

5.6 Die bywoning van Vrydagdetensie (2 ure) verminder strafpunte met ses (6) punte.

5.7 Sodra ‘n leerder **18 strafpunte** opgehoop het skakel die graadleier die leerder se ouers om vas te stel of ouers die detensiekennisgewings ontvang het en bewus is van die inhoud daarvan. (KU 238 – program)

5.8 Leerders wat **24 strafpunte** opgehoop het, ontvang ‘n skriftelike kennisgewing van die graadhoof aan die ouers waarin hul **uitgenooi** word om met die graadhoof of dissiplinehoof in gesprek te tree.

5.9 ‘n Leerder wat **36 strafpunte** opgehoop het, ontvang ‘n skriftelike kennisgewing van die dissiplinehoof aan die ouers waarin hul **versoek** word om ‘n dissiplinêre onderhoud by te woon.

5.10 ‘n Leerder wat **48 strafpunte** opgehoop het, ontvang ‘n skriftelike kennisgewing van die dissiplinehoof dat die leerder tesame met sy/haar ouer/s ’n dissiplinêre vergadering gehou deur die opvoeders (skoolhoof, dissiplinehoof en die graadleier) **moet** bywoon. (Nie ‘n verhoor nie)

5.11 ‘n Leerder wat **60 strafpunte** opgehoop het, ontvang ‘n skriftelike kennisgewing van die dissiplinehoof dat die leerder tesame met sy/haar ouer/s ‘n dissiplinêre verhoor gehou deur die verhoorkomitee van die beheerraad **moet** bywoon. Die prosedure gevolg by hierdie verhoor is dieselfde as vir ernstige wangedrag - Kategorie B.

5.12 Die prosedure gevolg in (5.9), (5.10), (5.11) sal van ‘n informele aard wees met die doel om leerders se onaanvaarbare gedrag te verbeter en reg te stel.

## VERHOORPROSEDURE BY BEWEERDE KATEGORIE B ( ERNSTIGE ) WANGEDRAG

5.13 Enige bewering van ernstige wangedrag moet skriftelik by die skoolhoof/dissiplinehoof of

beheerliggaam ingedien word. Die beheerliggaam moet enige sodanige klagte by hom ingedien na die skoolhoof/dissiplinehoof verwys vir ondersoek.

5.14 Die skoolhoof/dissiplinehoof moet elke bewering van ernstig wangedrag ondersoek en 'n rekord van sodanige ondersoek voorberei wat insluit die inwin van alle tersaaklike verklarings van getuies.

5.15 By voltooiing van die ondersoek moet die skoolhoof/dissiplinehoof besluit of 'n *prima facie* saak van ernstige wangedrag uit die ondersoek blyk.

5.16 Indien die skoolhoof/dissiplinehoof sou besluit dat geen *prima facie* saak van wangedrag uitgemaak kan word nie, of dat die beweerde wangedrag as 'n kategorie A wangedrag hanteer moet word, moet die skool- of dissiplinehoof die voorsitter van die dissiplinêre komitee skriftelik van die besluit in kennis stel, vergesel van die volledige rekord van die ondersoek, voordat die skool- of dissiplinehoof verder optree in ooreenstemming met die besluit. Die voorsitter na konsultasie met skoolhoof en dissiplinehoof moet, binne 24 uur vanaf ontvangs van die skoolhoof/dissiplinehoof se gemelde kennisgewing, die skoolhoof/dissiplinehoof skriftelik verwittig of die met die besluit saamstem al dan nie en of die verlang dat verdere verrigtinge ingevolge hierdie gedeelte van die gedragskode ingestel moet word. Indien die besluit op laasgemelde neerkom, moet die skoolhoof/dissiplinehoof verder optree in ooreenstemming met wat hierna volg.

5.17 Indien daar deur die skoolhoof/dissiplinehoof bevind is of indien dit so gelas word, moet die voorsitter van die dissiplinêre komitee ‘n verhoorpaneel saamstel uit die groep kundiges deur die beheerliggaam aangewys.

5.18 ’n Leerder wat daarvan verdink word dat hy/sy ‘n ernstige daad van wangedrag gepleeg het, mag hangende sy/haar dissiplinêre verhoor vir sewe skooldae geskors word deur die aangewese verhoorpaneel van die beheerliggaam, alleen indien daar redelike gronde bestaan en waar dit dien as beskermende maatreël en die leerder en of sy ouers redelike geleentheid gegee is om vertoë te rig teen sodanige beoogde skorsing met dien verstande dat die verhoor deur ‘n anders saamgestelde verhoorpaneel van die beheerliggaam binne sewe skooldae plaasvind tensy die onderwyshoof van die Wes-Kaap ‘n verlenging van die skorsing toestaan. (Aanhangsel D en E)

5.19 Die skoolhoof/dissiplinehoof beteken ‘n skriftelike verhoorkennisgewing op die aangeklaagde leerder (soortgelyk aan die in Aanhangsel F), ten minste 5 skooldae voor die verhoor, met opdragte om dit aan sy/haar ouers te oorhandig. Die aangeklaagde leerder moet 'n afskrif daarvan, behoorlik onderteken deur sy/haar ouers, nie later nie as 10:00 op die volgende skooldag aan die skoolhoof/dissiplinehoof oorhandig. Die skoolhoof/dissiplinehoof moet alle moontlike stappe neem om met die ouers in verbinding te tree en hulle mondelings te verwittig van die betrokke kennisgewing en van die feit dat dit aan die leerder oorhandig is vir oorhandiging aan hulle. Die leerder en sy/haar ouers moet deur die skool-/dissiplinehoof verwittig word van die leerder se reg op regsverteenwoordiging. Die kennisgewing moet dit duidelik vermeld:

5.19.1 Wat die ernstige wangedrag behels waarvan die leerder aangekla word.

5.19.2 Die plek waar datum en tyd wanneer die verhoor `n aanvang sal neem.

5.19.3 Dat die leerder geregtig is om deur sy/haar ouers en of verteenwoordiger bygestaan te word.

5.19.4 Dat die leerder geregtig is op alle inligting in besit van die skool wat teen hom/haar gebruik kan word tydens die verhoor.

5.19.5 Dat die leerder geregtig is om getuies te roep ter verdediging van hom/haar.

5.19.6 Dat die leerder of sy/haar verteenwoordiger alle getuies mag ondervra tydens die verhoor.

5.20 Die verhoorpaneel, behoorlik deur die beheerliggaam aangestel en bestaande uit ten minste twee lede (wat nie die skool-/dissiplinehoof insluit nie), sal by die verhoor voorsit met een van die lede as voorsitter. (Aanhangsel G)

5.21 'n Behoorlike en volledige notule van alle verrigtinge van die verhoor moet afgeneem word.

5.22 Die vervolging moet gelei word deur die skool-/dissiplinehoof, tesame met 'n genommineerde lid deur die voorsitter van die dissiplinêre komitee om die skool-/dissiplinehoof by te staan.

5.23 Die leerder is geregtig op regsverteenwoordiging volgens die keuse van sy/haar ouers, en sodanige regsverteenwoordiger kan 'n prokureur, advokaat, opvoeder, medeleerder, enige ouer of die ouer of voog van die leerder wees.

5.24 By die verhoor moet die volgende **voorlopige prosedure** gevolg word:

5.24.1 Die name van alle persone teenwoordig moet aangeteken word.

5.24.2 Die ouers en leerder moet gevra word of hulle die betrokke verhoorkennisgewing (soos bedoel in (6.7) ontvang het, dit gelees het en die inhoud daarvan verstaan. 'n Geleentheid vir vrae en verduideliking moet toegelaat word.

5.24.3 Die ouers en die leerder moet gevra word of daar enige inligting is in besit van die skool, wat hulle benodig vir gebruik in die verweer van die leerder. Hulle redelike versoeke in hierdie verband moet toegestaan word.

5.24.4 Afskrifte van die verklarings van enige getuies wat geroep staan te word om teen die leerder te getuig moet aan die ouers en leerder verskaf word, indien dit nie alreeds gedoen is nie.

5.24.5 Die erns van die aanklag en die moontlike sanksies wat mag volg indien 'n bevinding van skuldig uitgebring sou word, moet verduidelik word. Daar moet ook verduidelik word dat die getuienis van die getuies met kruisverhoor getoets moet word, by versuim waarvan die getuienis onbetwis sal staan en in ag geneem sal word en, verder, dat die leerder se weergawe van die gebeure aan elke getuie gestel moet word vir kommentaar, alvorens dit uiteindelik enige gewig sal dra.

5.24.6 Die voorsittende lid van die verhoorpaneel moet by die partye betrokke by die verhoor vasstel of daar enige getuies by die verhoor geroep gaan word, wat moontlik blootgestel sal word aan onbehoorlike geestelike spanning of lyding indien die getuie sou getuig. Indien die verhoorkomitee bevind dat gemelde moontlikheid wel bestaan, kan die verhoorkomitee gelas dat die getuie deur middel van 'n tussenganger getuig en in omstandighede soos beoog in Artikel 8 (7), 8 (8), 8 (9) van die Skolewet.

5.24.7 'n Geleentheid vir vrae en/of versoeke van die leerder en ouers moet gebied word. Die voorsitter mag dan die verrigtinge verdaag, indien hy so versoek sou word deur die leerder en/of ouers, ten einde hulle posisie te kan oorweeg of vir enige ander doel in die diskresie van die verhoorkomitee van die beheerliggaam.

5.25 Wanneer die voorlopige gedeelte van die verhoor afgehandel is, soos hierbo uiteengesit, moet die aanklaer (die skoolhoof/dissiplinehoof bygestaan deur die genomineerde assistent) die aanklag uitlees, soos uiteengesit in die verhoorkennisgewing, vir die rekord en die leerder moet deur die voorsitter gevra word om òf *"onskuldig"* of *"skuldig"* te pleit.

5.26 Indien die leerder ***"skuldig"*** pleit, moet die voorsitter die leerder ondervra ten einde vas te stel of die leerder wel skuldig is. Indien hy nie oortuig is dat die leerder korrek skuldig gepleit het nie, teken die voorsitter 'n pleit van onskuldig aan en gelas dat die saak voortgaan en die aanklaer getuienis moet aanbied (prosedure soos neergelê in 6.15 word hierna gevolg). Waar die voorsitter oortuig is dat die leerder wel skuldig is in ooreenstemming met sy pleit van skuldig bevind die verhoorkomitee die leerder skuldig en volg die prosedure neergelê in 6.16).

5.27 Indien die leerder ***"onskuldig"*** pleit, of indien daar 'n pleit van *"onskuldig"* aangeteken is deur die voorsitter, moet die volgende prosedure gevolg word:

5.27.1 Die aanklaer moet die getuienis lei van elkeen van die getuies vir die vervolging. Dit moet gedoen word by wyse van die uitlees van die getuie se skriftelike verklaring aan hom/haar en die vraag aan die getuie te vra of die getuie die korrektheid van die verklaring bevestig, en om dan enige ander vrae aan die getuie te vra om sy weergawe verder uit te lig.

5.27.2 Die aangeklaagde leerder en of sy/haar ouers of hul verteenwoordiger word redelike geleentheid gegun om die getuie te kruisondervra. Onnodige herhalende en irrelevante

ondervraging word egter nie toegelaat nie. Waar geen vrae aan die getuie gestel word nie, kan komitee aanvaar dat die getuie se weergawe korrek is (die voorsitter moet waar die leerder nie regsverteenwoordig is nie dit aan die leerder en sy/haar ouers verduidelik).

5.27.3 Die aanklaer is ook geregtig om relevante dokumentêre getuienis voor te lê en in te handig.

5.27.4 Nadat die aanklaer die getuienis vir die vervolging aangebied het, kry die leerder die geleentheid om getuienis aan te bied. Dit word gedoen deur self te getuig en of om getuies te roep om te getuig. Die aanklaer kry net soos die leerder, die geleentheid om die getuies te kruisondervra. Indien die leerder nie getuig of getuies roep nie beteken dit dat sy/haar weergawe nie voor die komitee is nie en dat dit nie in aanmerking geneem kan word nie (die voorsitter moet - waar die leerder nie regsverteenwoordig is nie - dit aan die leerder verduidelik).

5.27.5 Die leerder is ook geregtig om relevante dokumentêre getuienis voor te lê en in te lewer.

5.27.6 Die voorsitter en enige lid van die verhoorpaneel is geregtig om enige getuie te ondervra met die oog daarop om helderheid oor sy/haar getuienis te kry sodat geregtigheid kan geskied.

5.27.7 Die voorsitter en enige lid van die verhoorpaneel is ook geregtig om enige getuie te roep wat na die paneel se oordeel getuienis kan lewer wat in belang van geregtigheid noodsaaklik kan wees vir die behoorlike beregting van die saak.

5.27.8 Nadat alle getuienis aangehoor is, gee die voorsitter aan die aanklaer en aan die leerder en of sy/haar verteenwoordigers die geleentheid om die verhoorkomitee toe te spreek aangaande ‘n bevinding.

5.27.9 Die voorsitter kan die verrigtinge tot ‘n gepaste datum verdaag, nie langer as 7 dae nie, om oorweging te gee aan uitspraak.

5.27.10 Die verhoorpaneel by hervatting lewer dan uitspraak. Indien die uitspraak onskuldig is, stop die verrigtinge teen die leerder. Waar ‘n bevinding van skuldig uitgebring word, volg die prosedure soos in 6.16.

5.28 Indien die verhoorpaneel die leerder **skuldig bevind,** moet die verhoorpaneel:

5.28.1 Die aanklaer toelaat om enige feit of omstandighede wat hy/sy tersaaklik mag beskou tot die oplegging van toepaslike sanksies/straf, voor die verhoorpaneel te plaas, deur middel van betoë of getuienis.

5.28.2 Die leerder ondervra en met hom/haar en sy /haar ouer/s beraadslaag oor:

5.28.2.1 die persoonlike omstandighede en akademiese rekord van die leerder en die rede vir die wangedrag,

5.28.2.2 die moontlikheid van en die leerder se bereidwilligheid om te rehabiliteer,

5.28.2.3 erns van die wangedrag, die behoefte van die skoolgemeenskap vir straftoepassing, afskrikking en metodes om herhaling te voorkom,

5.28.2.4 enige ander aspek wat die leerder en sy/haar ouer/s meen van belang mag wees by ’n gepaste strafsanksie.

5.28.3 Die leerder en sy/haar ouers uitnooi om voorleggings te maak rakende die toepaslikheid of ontoepaslikheid van enige van die alternatiewe sanksies voorgeskryf in hierdie gedragskode vir ernstige wangedrag.

5.28.4 Oorweeg of die bewese wangedrag sodanig is dat dit uitsetting van die leerder regverdig. Die standpunte en redes van die verhoorkomitee moet aan die leerder en ouers gestel word en hulle voorleggings en kommentaar hieroor moet aangehoor word.

5.28.5 Na oorweging van alle voorleggings ‘n straf/strafsanksie oplê soos dit vervat is in Deel IV.

5.28.6 Na die oplegging van ‘n gepaste straf/strafmaatreël die leerder en sy/haar ouer/s skriftelik inlig van die straf (soortgelyk aan aanhangsel H).

5.28.7 Die volledige rekord van die verhoor binne agt-en-veertig uur aan die beheerliggaam voorlê vir hersiening waar die beheerliggaam die aangeleentheid na die verhoorpaneel kan terugverwys

vir heroorweging of die bevinding en of aanbeveling kan bekragtiging.

**5.29 Prosedure by voltooiing van verhoor**

5.29.1 Ongeag van die uitslag van die verhoor, moet die skoolhoof 'n volledige en chronologiese rekord van die verrigtinge laat voorberei en tik, indien moontlik, insluitende, as eerste item, die klagte, die rekord van die skoolhoof/dissiplinehoof se ondersoek, die rekord van die verrigtinge, 'n bundel van enige dokumentêre bewyse of aanhangsels.

5.29.2 Waar die leerder geskors is as 'n korrektiewe maatreël, moet 'n afskrif van die rekord, met 'n toepaslike dekkingsbrief, onmiddellik aan die streekdirekteur van die streekkantoor van die Provinsiale Departement van Onderwys verskaf word.

5.29.3 Waar die leerder geskors is hangende 'n besluit van die onderwyshoof van die Provinsiale Onderwysdepartement aangaande uitsetting van die leerder, moet die rekord onmiddellik aan g emelde onderwyshoof voorsien word onder dekking van Aanhangsel I.

5.29.4 'n Afskrif van die rekord moet deur die skool gehou word hangende die instruksies van die beheerliggaam, in konsultasie met die bogemelde Streekdirekteur, rakende die vernietiging daarvan.

## 6 REG VAN APPÉL EN PROSEDURE DAARVOOR

6.1 Die leerder en/of sy/haar ouers is geregtig om appél aan te teken teen die bevinding van die Beheerliggaam van die skool. Sodanige appél moet skriftelik binne agt-en-veertig uur nadat die leerder en sy /haar ouer/s in kennis gestel is van die bevinding aangeteken word en moet by die beheerliggaam ingedien word.

6.2 By ontvangs van die kennisgewing van appél sal dit tesame met die rekord van die verrigtinge aan die onderwyshoof versend word vir oorweging.

# DEEL IV
# STRAFMAATREËLS

## 1. ALGEMEEN

1.1 In hierdie skedule word die strafmaatreëls uiteengesit wat toegepas kan word deur die skoolhoof, beheerliggaam, departementshoof of klasopvoeder, wat bevoeg is om te handel met gevalle van wangedrag, nadat 'n leerder skuldig bevind is aan wangedrag.

1.2 Die uiteensetting van strafmaatreëls moenie deur diegene wat strafmaatreëls moet toepas gesien word as 'n volledige lys wat verpligtend toegepas moet word nie, ongeag enige ander oorwegings. Sover as wat menslik moontlik is, moet die verantwoordelike persone streef om toepaslike strafmaatreëls aan te wend met inagneming van die individuele leerder, die aard en erns van die wangedrag ter sprake, en die belange van die skoolgemeenskap ten opsigte van die wyse waarop daar met wangedrag by die skool gehandel word.

1.3 Die kuns is om die korrekte balans te vind tussen die oorwegings hieronder genoem, waar elkeen in aanmerking geneem moet word en neerslag moet vind in die straf wat uiteindelik toegepas word. Die toepassing van strafmaatreëls buite verhouding tot die gemelde oorwegings moet vermy word as synde onbillik en teenstrydig met die oogmerke van hierdie gedragskode.

## 2. TERSAAKLIKE OORWEGINGS BY DIE KEUSE VAN 'N TOEPASLIKE STRAFMAATREËLS

### 2.1 Die individuele leerder

2.1.1 Ouderdom en stadium van ontwikkeling.

2.1.2 Houding teenoor skoolwerk en medeleerders.

2.1.3 Dissiplinêre rekord, algemene reaksie op berisping en gewilligheid om te hervorm.

2.1.4 Die redes aangevoer vir die begaan van die oortreding.

2.1.5 Die mate van berou en gewilligheid om die oortreding reg te stel.

### 2.2 Aard en omvang van die wangedrag

2.2.1 Die tersaaklike omstandighede.

2.2.2 Die uitwerking van die oortreding op 'n ander persoon of persone.

2.2.3 Die frekwensie waarmee die tipe oortreding onder leerders voorkom.

2.2.4 Die omvang van skade of verlies veroorsaak deur die oortreding.

### 2.3 Belange van die skoolgemeenskap

In die algemeen het die skoolgemeenskap 'n belang in die handhawing van 'n klimaat en kultuur van onderrig en leer by hulle skool, die regverdige en gebalanseerde behandeling van leerders, die beskerming van die fisiese, geestelike en morele welstand van leerders en opvoeders by die skool, en die beskerming en bevordering, in soverre as wat dit moontlik is, van die basiese grondwetlike regte van alle belanghebbers van die skool. Uit hierdie algemene stelling kan die volgende elemente uitgelig word vir oorweging:

### 2.3.1 Vergelding

Wangedrag moet aangespreek word by wyse van een of ander toepaslike onaangename gevolg ten einde die misnoeë van die gemeenskap oor die pleging daarvan te kenne te gee.

### 2.3.2 Hervorming

Waar daar aanduidings is dat die leerder vatbaar is vir hervorming of waarskynlik positief op hervorming sal reageer, sal die gemeenskap die leerder die geleentheid wil gee om sy/haar gedrag te verbeter om sodoende die betrokke leerder asook andere in die posisie te stel om die hoogs moontlike voordeel uit hul skoolloopbaan te put.

### 2.3.3 Afskrikking

'n Element van afskrikking van herhaalde wangedrag by 'n besondere leerder of by die leerdergemeenskap in die algemeen, moet ingebou word in die straf toegepas, om te voorkom dat toegeeflikheid lei tot aanhoudende oortreding. Hoe meer algemeen die tipe wangedrag voorkom, hoe meer prominent moet die element van afskrikking wees.

### 2.3.4 Voorkoming

Die basiese vraag hier is of dit nodig is om die leerder te isoleer van die skool en sy medeleerders, óf as 'n sterk boodskap dat sy of haar gedrag anti-sosiaal in die skoolopset is óf as beskerming van die veiligheid (fisies, geestelik of moreel) van die leerders en/of van die skool of beide.

## 3. BENADERING TOT TOEPASSING VAN STRAF

Die toepassing van straf vereis behoorlike prosedure net soos in die geval van enige administratiewe prosedure wat die belange van individue raak. Die verantwoordelike persoon moet enige faktore wat hy/sy/hulle van voorneme is om in ag te neem sowel as sy/haar/hulle oogmerke ten opsigte van straf, aan die leerder en sy/haar ouer en/of verteenwoordiger meedeel, vir kommentaar. Alle kommentaar op hierdie aangeleenthede moet bekom en behoorlik oorweeg word. Die verrigtinge moet genotuleer word.

## 4. STRAFMAATREËLS WAT SLEGS DIE BEHEERLIGGAAM MAG TOEPAS

Slegs die beheerliggaam mag, na ’n regverdige verhoor, 'n leerder uit die skool skors en dan slegs in die volgende twee gevalle, naamlik eerstens as ’n korrektiewe maatreël vir ’n maksimum tydperk van sewe skooldae, of tweedens in konsultasie met die onderwyshoof van die provinsie in afwagting van ’n beslissing of die leerder permanent uit die skool gesit moet word deur die onderwyshoof.

## 5. STRAFMAATREËLS WAT NIE DEUR DIE BEHEERLIGGAAM, SKOOLHOOF OF ENIGE OPVOEDER INGESTEL MAG WORD NIE

5.1 Slegs die onderwys

5.2 hoof van die provinsie, of 'n bevoegde amptenaar deur hom/haar aangewys, mag 'n leerder uit die skool sit.

5.3 Dit is nodig om die volgende bepaling aan te haal uit die Skolewet 1996, naamlik Artikel 10:

*“(1) Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf aan 'n leerder toedien nie.*

*“(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word.”*

## 6. STRAF EN DIE REGTE VAN DIE LEERDER

Die beheerliggaam, die skoolhoof of die bevoegde opvoeder moet te alle tye, wanneer strafmaatreëls toegepas word, die regte van leerders in gedagte hou, soos uiteengesit in die Kode van Regte en Pligte. Straf sal noodwendig op een of meer van daardie regte inbreuk maak. Sodanige inbreuk moet egter tot die minimum beperk word, afhangende van die omstandighede. Enige aantasting van die reg op waardigheid en privaatheid moet so veel as moontlik beperk word.

## 7. STRAF VIR DIE ONDERSKEIE KATEGORIEË VAN WANGEDRAG

### 7.1 Kategorie A Wangedrag

7.1.1 ’n Mondelinge waarskuwing.

7.1.2 'n Skriftelike geskrewe verskoning aan die personeellede en leerders van die skool, aangebring op die skool se kennisgewingbord vir 'n tydperk van twee weke. Waar dit meer toepaslik in die omstandighede sal wees, kan sodanige verskoning gegee word aan die klasopvoeder of ander opvoeder of die individu of die groep wat deur die wangedrag geraak is.

7.1.3 ’n Skriftelike waarskuwing waar strafpunte (2 - 12) toegeken word.

7.1.4 Strafdetensie (twee tot vier uur).

*7.1.5* Gemeenskapsdiens van twee tot maksimum van vier uur. (Beheerliggaam besluit).

- *(i) ’n Kombinasie van bogenoemde strawwe kan opgelê word.*
- *(ii) Strawwe kan ook geheel of gedeeltelik opgeskort word onderworpe aan sekere voorwaardes.*
- *(iii) By ’n oortreding van kleredragreëls en voorkomsreëls kan van die leerder vereis word dat dit onmiddellik reggestel word.*

### 7.2 Lede en toeskouers van sport of buitemuurse aktiwiteite

7.2.1 Tesame met of in die alternatief tot bogenoemde in (7.1).

7.2.2 Die ontneming van sodanige voorregte, insluitende die reg om die skool in sport of enige ander buitemuurse aktiwiteit te verteenwoordig, soos wat die skoolhoof/dissiplinehoof mag bepaal, vir 'n tydperk van tot ses weke.

### 7.3 Lede van Leerderraad/Terreinprefekte

7.3.1 Tesame met of in die alternatief tot bogenoemde in (7.1).

7.3.2 Skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke; of

*7.3.3* Afdanking en permanente verwydering uit die posisie van 'n lid van die leerderraad of terreinprefekte.

### 7.4 Kategorie B - Ernstige wangedrag

7.4.1 Straf soos bepaal word in 7.1 hierbo gekombineer met skorsing uit die skool vir tot sewe

skooldae, laasgemelde straf opgeskort op voorwaardes soos bepaal deur die beheerliggaam wat redelikerwys noodsaaklik of gewens geag word om die leerder te help om onaanvaarbare gedrag te verbeter. (T – klas opsie kan oorweeg word.)

7.4.2 Straf soos voorsien in 7.1 hierbo en bykomend of in die alternatief daartoe, skorsing uit die skool vir 'n tydperk van tot 7 skooldae.

7.4.3 Skorsing uit die skool hangende 'n besluit van die onderwyshoof vir die Wes-Kaap of die leerder finaal uit die skool gesit moet word al dan nie.

# DEEL V

# KWYTSKELDING

1. Hierdie skedule poog om die geleentheid te skep vir 'n leerder om onaanvaarbare gedrag reg te stel en skoon te begin.
2. Die rekord van enige verrigtinge of straf in verband met kategorie A wangedrag moet vanuit die leerder se persoonlike lêer verwyder word indien **hy/sy nie weer skuldig bevind word aan dieselfde of soortgelyke wangedrag vir 'n tydperk van 12 weke nie.**
3. Die leerder en/of sy/haar ouers mag, in verband met die oplegging van straf vir kategorie B wangedrag (met uitsondering van uitsetting) aan die skoolhoof/dissiplinehoof en beheerliggaam 'n skriftelike aansoek vir kwytskelding van die wangedrag voorlê na verstryking van 'n tydperk van 12 kalendermaande in die geval van kategorie B wangedrag.
4. Die skriftelike aansoek moet ten volle gemotiveer wees en moet handel met elkeen van die kriteria genoem in 5 hieronder.
5. In die oorweging van die aansoek om kwytskelding, moet die skoolhoof/dissiplinehoof en beheerliggaam gesamentlik die volgende faktore oorweeg, met die oog daarop om vas te stel of die leerder positief hervorm het:

5.1 Die dissiplinêre rekord van die leerder tot datum;

5.2 Die akademiese vordering van die leerder;

5.3 Die deelname en prestasie van die leerder op die gebied van sport, kulturele en/of ander skoolaktiwiteite;

5.4 Enige getuienis omtrent die leerder se ingesteldheid teenoor leer en opvoeding en die belange en regte van sy/haar medeleerders;

5.5 Enige voorleggings deur die leerder en sy/haar ouers gemaak.

6. Slegs wanneer daar goeie objektiewe redes is en twyfel bestaan of die leerder positief hervorm het, mag kwytskelding weerhou word.
7. Wanneer kwytskelding verleen word, moet die rekord van enige verrigtinge en straf vir sodanige wangedrag in die leerder se persoonlike lêer of enige ander skool rekord, verwyder word.

# DEEL VI

# GRIEWEPROSEDURE (BESLEGTING VAN GESKILLE)

## 1. DOEL

Die doel van hierdie prosedure is die oplossing van griewe van leerders. Onbeduidende en beuselagtige griewe word geïgnoreer aangesien die prosedure ten doel het die oplossing van slegs sodanige griewe wat, indien dit onopgelos bly, die harmonieuse verhoudings tussen leerders of die kultuur van verdraagsaamheid en wedersydse respek wat by die skool nagestreef word, sal versteur.

## 2. VERTROULIKHEID

Verklarings gemaak tydens die grieweprosedure mag nie gebruik word as getuienis in enige dissiplinêre prosedure nie. Geskilpunte wat openbaar word deur sodanige verklarings mag egter met die ouers van die betrokke leerder opgeneem word indien die skoolhoof van mening is dat dit noodsaaklik of wenslik is.

## 3. GRIEWE

'n Grief beteken ongelukkigheid by 'n leerder weens die aantasting van enige van sy/haar regte deur 'n ander leerder of leerders, of die aanwesigheid van vrees, spanning, pyn, gekrenktheid of woede by 'n leerder weens die optrede van 'n ander leerder of leerders.

## 4. MEDIASIE/BEMIDDELING

4.1 Die mediator in enige grieweprosedure is die skoolhoof of enige opvoeder of persoon deur hom/haar genomineer. Die mediator mag nie kant kies nie en moet enige persepsie dat hy/sy kant kies vermy.

4.2 Die doel van mediasie is om by elkeen van die betrokke partye 'n begrip vir die posisie van die ander party of partye ten aansien van die probleem tuis te bring, om voorstelle te verkry of te maak vir moontlike oplossings van die probleem, en om die partye te beïnvloed om uit eie oorweging die probleem vriendskaplik te skik.

## 5. PROSEDURE

5.1 Die benadeelde leerder moet eers poog om die grief by te lê deur dit te bespreek met die ander betrokke leerder of leerders.

5.2 Indien 'n bespreking nie die geskil oplos nie, moet die benadeelde leerder 'n skriftelike klag by die skoolhoof indien, waarin die omstandighede uiteengesit word en waarin verwys word na die poging om die grief op te los by wyse van samespreking, of waarin redes genoem word waarom geen sodanige bespreking probeer is nie.

5.3 Die klag moet ingedien word binne tien dae vanaf datum van plaasvind van die gebeure wat tot die grief of geskil aanleiding gegee het.

5.4 Die skoolhoof mag die klag verwerp, met skriftelike redes, indien hy/sy van mening is dat dit onbeduidend of beuselagtig is. In sodanige geval mag die leerder 'n skriftelike appél by die beheerliggaam aanteken teen die verwerping van die klag, binne drie skooldae vanaf die datum waarop hy van die verwerping in kennis gestel is. Die beheerliggaam moet die appél oorweeg, met of sonder 'n onderhoud met die leerder, en mag dit handhaaf of verwerp met vermelding van skriftelike redes. Indien die appél gehandhaaf word, moet daar met die grieweprosedure voortgegaan word.

5.5 'n Afskrif van die skriftelike klag moet deur die skoolhoof oorhandig word aan elkeen van die leerders wat by die klagte geïmpliseer word, binne twee skooldae vanaf datum van indiening van die klag, en moet binne twee verdere dae van elke sodanige leerder 'n skriftelike antwoord bekom, afskrifte waarvan aan die benadeelde leerder oorhandig moet word.

5.6 Die skoolhoof of die persoon deur hom/haar genomineer om as mediator op te tree, moet 'n vergadering belê tussen die betrokke leerders by wyse van skriftelike kennisgewing aan elkeen van hulle, waarin die datum, tyd, plek en name van die persone wat by die vergadering betrek sal word, vermeld moet word.

5.7 By die vergadering moet die mediator die aangeleentheid tussen die partye bemiddel en hy/sy mag 'n redelike tydsbeperking plaas op die duur van die vergadering. Die mediator mag die vergadering uitstel en herbelê.

5.8 Die mediator moet, by die afhandeling van die vergadering, 'n Bondige verslag van die vergadering en die uitslag daarvan voorberei vir liassering in 'n vertroulike lêer.

## 6. BEËINDIGING VAN PROSEDURE

6.1 Die skoolhoof mag, na ontvangs van die klag, en indien hy/sy redelikerwys van mening is dat die klag by kategorie A of kategorie B-wangedrag openbaar, die prosedure beëindig en 'n dissiplinêre prosedure aanhangig maak ingevolge die gedragskode, nadat hy enige sodanige verdere ondersoeke as wat hy nodig ag, gehou het.

6.2 Die mediator mag, indien dit uit die hantering van die grieweprosedure blyk dat 'n kategorie B-wangedrag gepleeg is, onmiddellik die prosedure beëindig (voordat dit afgehandel is) en moet dan die beweerde wangedrag aan die dissiplinehoof rapporteer wat dan kan voortgaan met dissiplinêre prosedures.

## 7. ANDER GRIEWE

Griewe en geskille tussen 'n opvoeder en 'n leerder of andersom, moet opgelos word by wyse van samespreking tussen die leerder se ouers en die opvoeder, indien moontlik. Indien die geskil nie op hierdie wyse opgelos kan word nie, kan elkeen van die partye die aangeleentheid rapporteer aan die skoolhoof of die beheerliggaam of die onderwysdepartement vir verdere stappe ten einde die geskil so spoedig moontlik by te lê.

# DEEL VII

# BASIESE REGTE EN PLIGTE VAN DIE ONDERSKEIE BELANGEGROEPE VAN DIE HOËRSKOOL KNYSNA

## INLEIDING

1. Die skoolgemeenskap is saamgestel uit die skoolhoof en opvoeders, nie-opvoederpersoneel van die skool soos administratiewe personeel en skoonmakers, leerders en ouers van leerders. Elke groep en elke individu binne sodanige groep het bepaalde regte en verpligtinge, sommige waarvan uiteengesit word in die aangehegte skedules.
2. Binne die skoolgemeenskap is daar strukture soos die beheerliggaam en die leerderraad wat deur wetgewing ingestel is met bepaalde funksies (magte en pligte) om te vervul namens die groepe wat hulle verteenwoordig. Hierdie strukture word ook genoem in die aangehegte skedules.
3. Sommige van die regte en verpligtinge van die onderskeie belangegroepe vloei voort uit die Handves van Menseregte in die Grondwet van die land. Ander vloei voort uit wetgewing van algemene toepassing in die betrokke provinsie of in die land as 'n geheel. Ander vloei weer voort uit die gemenereg van die land.
4. Elke persoon wat oor 'n reg beskik, het ook 'n ooreenstemmende verpligting om die regte van andere te eerbiedig. So, byvoorbeeld, kan die vryheid van spraak nie doelbewus gebruik word om 'n klas te ontwrig of 'n ander persoon te beledig nie.
5. Somtyds is daar kompeterende regte. So het elke persoon byvoorbeeld 'n reg op die beskerming van sy/haar waardigheid. Straf vir wangedrag affekteer die leerder se gevoel van waardigheid, maar die reg laat sodanige straf toe in bepaalde omstandighede.
6. Alle groepe en strukture in die skoolgemeenskap behoort, in die uitoefening van hul regte en verpligtinge, te streef om 'n klimaat wat die mees bevorderlike is vir leer en opvoeding in 'n skoon en veilige omgewing, te skep.
7. Alhoewel die regte en verpligtinge waaroor hier gehandel word verband hou met die skoolomgewing, moet alle betrokke persone hulleself vergewis van wat hul basiese menseregte en wat die basiese menseregte van andere is, soos uiteengesit in die grondwet van die land. Ouers en opvoeders behoort 'n betekenisvolle rol te speel om leerders in te lig oor hierdie basiese regte.

## DEFINISIES

Tensy dit uit die samehang anders blyk, bevat die volgende woorde en afkortings die betekenis daarteenoor aangedui wanneer in hierdie gedeelte gebruik:

| | |
|---|---|
| *“Grondwet”* | die Grondwet van die RSA, Wet nr 108 van 1996; |
| *“Skolewet”* | die Wet nr 84 van 1998; |
| *“skool”* | Hoërskool Knysna ; |
| *“gedragskode”* | Die gedragskode vir leerders van die skool; |

Die beheerliggaam van die Hoërskool Knysna, behoorlik gekonstitueer in terme van die Skolewet;

| | |
|---|---|
| *“Handves van Menseregte”* | Hoofstuk Twee van die Grondwet; |
| *“SARO”* | Die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders. |

**SKEDULE A*:* DIE SKOOLHOOF EN OPVOEDERS**

## 1. Die Skoolhoof

### 1.1 Regte

1.1.1 Die regte van alle opvoeders (sien hieronder).

1.1.2 Die reg dat daar nie ingemeng sal word met die uitoefening van sy professionele pligte nie.

1.1.3 Die regte wat redelikerwys noodsaaklik is vir die uitoefening van sy plig om die professionele bestuur van die skool te behartig volgens die voorskrifte van die onderwyshoof of die Provinsiale Onderwysdepartement.

1.1.4 Die regte wat redelikerwys noodsaaklik is vir die uitoefening van sy pligte (sien hieronder).

1.1.5 Om ’n *ex officio* lid van die beheerliggaam van die skool te wees.

1.1.6 Die reg van arres, visentering, beslaglegging, neem van urine monsters vir toetsing, aan hom verleen as burger, of kragtens sy amp, of as verantwoordelike persoon, kragtens enige wet, insluitende die Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, die Strafproseswet; die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, die Wet op Vuurwapens en Vuurwapenbeheer, en Skolewet.

1.1.7 Om dissiplinêre stappe teen leerders in te stel, en om deel te neem aan die dissiplinêre prosedure teen leerders, soos voorsiening voor gemaak in die gedragskode of enige wet.

### 1.2 Pligte

1.2.1 Die pligte van alle opvoeders (sien hieronder).

1.2.2 Om die professionele bestuur van die skool te behartig volgens die voorskrifte van die onderwyshoof of die Provinsiale Onderwysdepartement.

1.2.3 Om te verseker dat onderwysdienste van gehalte by die skool voorsien word.

1.2.4 Om die beleid waarvolgens die skool beheer word, te implementeer.

1.2.5 Om ’n kultuur van onderrig en leer by die skool te bevorder.

1.2.6 Om ’n hoë standaard van professionalisme en bestuur by die skool te bevorder.

## 2. Opvoeders

### 2.1 Regte

2.1.1 Regte in terme van arbeidswetgewing, insluitende kollektiewe ooreenkomste.

2.1.2 Om deur die beheerliggaam ondersteun te word in die uitoefening van hul professionele funksies, wat die handhawing van dissipline insluit.

2.1.3 Vryheid van assosiasie, vergadering, demonstrasie en vreedsame petisionering, ongewapen, en sonder om inbreuk te maak op die regte van ander.

2.1.4 Om lid van politieke partye te wees.

2.1.5 Om leerders te dissiplineer in ooreenstemming met die skool se gedragskode.

2.1.6 Die reg op privaatheid en waardigheid (d.w.s. dat geen persoon onregmatig op hul privaatheid inbreuk mag maak nie, om nie deur enigiemand aangerand, belaster, beledig of verneder te word nie).

2.1.7 Die reg dat daar nie onregmatiglik teen hulle gediskrimineer sal word op grond van ras, kleur,

geslag, seksuele voorkeure, klas, ongeskiktheid, standpunt, gewete, godsdiens, kultuur of taal nie.

2.1.8 Daar nie ingemeng word in die uitvoering van hul professionele pligte nie.

2.1.9 Om nie deel hoef te neem aan enige van die godsdienstige onderrigklasse of godsdienstige geleenthede by die skool en om nie onbehoorlik beïnvloed te word om dit te doen nie.

2.1.10 Vryheid van gewete, godsdiens, gedagte, oortuiging, opinie, spraak en uitdrukking.

2.1.11 Om geraadpleeg te word by die opstel en wysiging van die gedragskode.

2.1.12 Om ten minste een maal per jaar ’n verslag van die beheerliggaam te ontvang van sy werksaamhede.

2.1.13 Om, binne ‘n dissiplinêre kode, leerders of andere wat die klas ontwrig, toegang te weier.

2.1.14 Om slegs met ‘n billike werkslading belas te word (tans ‘n minimum van 7 uur by die skool en ‘n verwagte 1 800 werksure per jaar), d.w.s. ongeveer 80 uur gedurende vakansies vir kursusse ens.

## 2.2 Pligte

2.2.1 Om die skool se gedragskode na te kom.

2.2.2 Om te poog om die intellektuele en persoonlike ontwikkeling van leerders te bevorder.

2.2.3 Om 'n kultuur van leer en onderrig te bevorder.

2.2.4 Om op 'n regverdige en onpartydige wyse op te tree wanneer met leerders gewerk word.

2.2.5 Om 'n hoë vlak van professionalisme te bereik en te handhaaf.

2.2.6 Om die regte van leerders te respekteer.

2.2.7 Om geen godsdiens te verkleineer of te poog om leerders te indoktrineer tot enige spesifieke geloof of godsdiens nie.

2.2.8 Om die regte van ouers om leiding aan hul kinders te gee aangaande die uitoefening van hul vryheid van godsdiens, uitdrukking, geloof, gedagte, standpunt en spraak, te respekteer.

2.2.9 Om die regte van ouers te respekteer.

2.2.10 Om leerders te beskerm teen alle vorme van fisiese en geestelike geweld.

2.2.11 Om te voldoen aan die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) en in die besonder:

2.2.11.1 Om enige vorm van vernedering te vermy, en om hulle te weerhou van enige vorm van kindermishandeling, fisies of geestelik (byvoorbeeld viktimisasie, sarkasme, afbreek van selfbeeld, ensovoorts);

2.2.11.2 Om toepaslike taal en gedrag te gebruik in hulle interaksie met leerders;

2.2.11.3 Om nie lui te wees in die uitoefening van hul pligte nie;

2.2.11.4 Om 'n gesonde verhouding met ouers te bevorder;

2.2.11.5 Om te doen wat prakties moontlik is om ouers voldoende ingelig te hou omtrent die algemene welsyn en vordering van die leerder;

2.2.11.6 Om nie die status en gesag van hul kollegas te ondermyn nie.

**SKEDULE B: OUERS**

**1. Regte**

1.1 Om hul kinders te verteenwoordig, om aandag te gee aan die afdwing van hul regte, en om hul fisiese, geestelike en morele welsyn te beskerm en te bevorder.

1.2 Om voldoende ingelig te word omtrent die welsyn en vordering van hul kinders by die skool.

1.3 Om leiding te gee aan hul kinders in verband met die uitoefening van hul regte (as leerders) van vryheid van gewete, godsdiens, gedagte, oortuiging en opinie, en dat daardie reg van leiding gee gerespekteer sal word deur alle opvoeders.

1.4 Om namens hul kinders, die reg uit te oefen by toelating van hul kinders tot die skool en om die taal van onderrig te kies.

1.5 Om hul kinders as leerders in enige dissiplinêre prosedure wat teen hulle ingestel mag word kragtens die gedragskode, te verteenwoordig.

1.6 Die reg van toegang tot inligting wat deur die Provinsiale Departement van Onderwys, die skool of die beheerliggaam van die skool gehou word en

1.6.1 wat benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige van hul kinders se regte as leerders, of hul eie regte as ouers;

1.6.2 waar sodanige inligting op hul kinders van toepassing is;
behalwe waar die versoek vir inligting ooglopend kwaadwillig of tydelik is, of waar die inligting aan die skool, departement of beheerliggaam sonder kwade bedoelings en in vertroue verskaf is deur 'n persoon, en daardie persoon nie toestem tot die openbaarmaking van die inligting nie.

1.7 Om gekonsulteer te word aangaande die opstel of wysiging van die gedragskode.

1.8 Onderworpe aan toepaslike wetgewing, om verkiesbaar te wees as kandidaat in verkiesings van die ouerverteenwoordigers tot die skool se beheerliggaam, en om te stem in sodanige verkiesings.

1.9 Om 'n verslag van die beheerliggaam te ontvang rakende sy werksaamhede ten minste een maal per jaar.

1.10 Om te stem by 'n algemene vergadering (waarvan ten minste 30 dae kennis gegee moet word) vir die aanvaarding van die jaarlikse begroting voorberei deur die beheerliggaam van die skool vir die daaropvolgende finansiële jaar.

1.11 Onderworpe aan enige wette tot die teendeel, om te stem by 'n algemene ouervergadering (waarvan ten minste 30 dae vooraf kennis gegee moes word) oor die vraag of die betaling van skoolgeld vrywillig of verpligtend sal wees, en vir die aanvaarding van billike maatreëls vir die verlening van vrystelling van die betaling van verpligte skoolgeld aan behoeftige ouers.

1.12 Om te appelleer na die hoof van die Provinsiale Onderwysdepartement teen 'n weiering van die beheerliggaam om aan die ouer volle of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolgeld te verleen.

1.13 Om op redelike kennisgewing en op 'n gerieflike tyd, die beheerliggaam se rekords van gelde ontvang en spandeer by die skool, die bates, laste en finansiële transaksies, en die jaarlikse finansiële state van die skool, soos geoudit of ondersoek ingevolge die SA Skolewet, te inspekteer.

1.14 Die reg op privaatheid en vertroulikheid.

1.15 Die reg op waardigheid en waardige behandeling (d.w.s. om nie beledig, belaster, verneder te word of onderwerp te word aan enige vernedering deur enige opvoeder of ander lid van die personeel of leerder nie).

1.16 Om nie onregverdiglik teen gediskrimineer te word nie, hetsy direk of indirek, op enige van

die gronde soos uiteengesit in artikel 9 van die Grondwet van die land of op enige ander gronde.

1.17 Om vreedsaam, ongewapen en sonder om die proses van leer en onderrig by die skool te ontwrig, te vergader, te betoog en petisies te oorhandig.

## 2 Pligte

2.17 Om die skool se beheerliggaam te ondersteun in die uitoefening van sy wettige funksies.

2.18 Om te reageer op kennisgewings van die skool waarin 'n reaksie geverg word of om skriftelike redes te verskaf waarom daar nie gereageer word nie.

2.19 Om te verseker dat hul kinders die skool asook aangewese skoolfunksies gereeld en stiptelik bywoon en om skriftelike en redelik aanvaarbare redes vir enige afwesighede of laatkommery te verskaf.

2.20 Om die skoolhoof en hul kinders se opvoeders te verwittig van enige aangeleentheid wat 'n invloed mag hê op die kinders se fisiese, geestelike of morele welsyn of die opvoedkundige omstandighede by die skool.

2.21 Om te verseker dat hul kinders die reëls en voorskrifte in die gedragskode nakom; in die besonder om te verseker dat hul kinders skoon en netjies is wanneer hulle die skool bywoon en dat hulle die betrokke reëls met betrekking tot skooldrag en voorkoms nakom.

2.22 Om die skoolhoof en opvoeders te ondersteun deur te verseker dat hul kinders hul huiswerk voltooi en die skool bywoon toegerus met die nodige boeke, skryfbehoeftes en toerusting wat vereis word vir elke dag se opvoedkundige program.

2.23 Om ouervergaderings wat deur die skoolhoof, enige klasopvoeder of die beheerliggaam belê word, by te woon en, in die algemeen, om 'n aktiewe en ondersteunende rol in die skoollewe te vervul.

2.24 Om 'n harmonieuse verhouding tussen die ouers en die personeel van die skool te bevorder.

2.25 Om hulle te weerhou van enige openbare optrede by enige geleentheid, insluitende skoolfunksies en aktiwiteite, wat daarop gemik is of die effek mag hê om die goeie naam van die skool in gedrang te bring.

2.26 Om hulleself te vergewis en hul kinders te leer van die inhoud en effek van die handves van menseregte in die grondwet van die land.

2.27 Om te poog om 'n kultuur van wedersydse respek en verdraagsaamheid in die skoolgemeenskap te bevorder.

2.28 Om te verseker dat hul kinders, as leerders, die eiendom van die skool of die Provinsiale Onderwysdepartement wat tot hul beskikking gestel is, goed sal oppas en dit sal terugbesorg aan die skool op of voor die datum bepaal deur die skoolhoof, enige opvoeder of die beheerliggaam.

2.29 Om die skool of die departement te vergoed vir:

2.29.1 die verlies van of skade aan enige van die skool of die departement se eiendom, toevertrou aan hul kinders, vir welke verlies of skade die kinders aanspreeklik sou wees indien dit nie vir hulle minderjarigheid was nie;

2.29.2 die redelike waarde van enige skooleiendom of departementele eiendom wat nie aan die skool terugbesorg word ingevolge 2.12 hierbo nie;

2.29.3 enige skade aangerig aan die eiendom van die skool of die departement deur hul kinders, hetsy opsetlik of nalatiglik.

2.30 Om by hul kinders 'n kultuur van respek vir die eiendom van die skool en die departement in te skerp.

2.31 Om nie in te meng met enige opvoeder of ander lid van die personeel by die skool in die uitvoering van hul professionele funksies nie.

2.32 Om die skoolgeld soos bepaal is in terme van artikel 39 van die SA Skolewet, te betaal.

2.33 Die morele plig om die skool te voorsien van geld en ander middele ten einde die voorsiening van gehalte onderwys vir hul kinders by die skool in 'n veilige, skoon en opvoedingsvriendelike omgewing te handhaaf en te bevorder.

**SKEDULE C: LEERDERS**

**1. Regte (Spesifiek en Algemeen)**

1.1 Die reg op gelyke toegang tot alle openbare skole.

1.2 Die reg op die voorsiening deur die skool van hul opvoedkundige behoeftes sonder enige vorm van diskriminasie (SASW artikel 5(1)).

1.3 Om nie toegang tot die skool geweier te word omdat hul ouers nie in staat is om die skoolgeld te betaal of dit nog nie betaal het nie, soos vasgestel volgens artikel 39 van SASW (SASW artikel 5(3) en artikel 17).

1.4 Die reg op basiese opvoeding vanaf graad 0 tot graad 9 (Grondwet artikel 29(1)).

1.5 Die reg op verdere opvoeding (graad 10 tot graad 12) (Grondwet artikel 29(1)).

1.6 Die reg op onderwys in die amptelike taal of tale van hulle keuse, waar sodanige onderwys redelik prakties is (Grondwet artikel 29(2)), welke reg deur hul ouers namens hulle uitgeoefen word by aansoek om toelating tot die skool.

1.7 Om toegelaat te word tot die skool indien die skool die taal of tale deur hulle gekies, gebruik, en waar daar beskikbare plek is in die betrokke graad.

1.8 Om nie onderwerp hoef te word aan enige toets toegepas deur die beheerliggaam of deur Die skoolhoof op die beheerliggaam se aanwysing of magtiging, met betrekking tot sy/haar toelating tot die skool (SASW artikel 5(2)).

1.9 Om nie onderwerp te word aan 'n toets vir taalvaardigheid as 'n voorvereiste vir toelating tot die skool nie.

1.10 Om nie gestraf te word weens gebruik van 'n taal wat nie 'n onderrigtaal by die skool is nie.

1.11 Synde kinders onder 18 jaar oud:

1.11.1 Om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering;

1.11.2 Om nie verplig te kan word om werk te doen wat gevaarlik is vir hul fisiese of geestelike gesondheid nie;

1.11.3 Die reg dat hul beste belange as van kardinale belang beskou sal word in enige aangeleentheid wat hulle mag raak (Grondwet artikel 28).

1.12 Die reg op privaatheid (byvoorbeeld dat hul besittings nie onderworpe sal wees aan deursoeking of dat daar nie inbreuk sal wees op die privaatheid van hul kommunikasie nie (Grondwet artikel 14).

1.13 Die reg op respek en beskerming van hul waardigheid (byvoorbeeld om nie beledig, verneder, belaster, aangerand, ensovoorts te word nie) (Grondwet artikel 10).

1.14 Die reg op beskerming teen alle vorme van fisiese en geestelike geweld.

1.15 Om op 'n billike en onpartydige wyse deur opvoeders behandel te word.

1.16 Om nie onregmatig teen gediskrimineer te word op een of meer van die volgende gronde nie, insluitende ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele voorkeure, ouderdom, ongeskiktheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur, taal of geboorte (Grondwet artikel 9).

1.17 Die reg op 'n skoolomgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie (Grondwet artikel24).

1.18 Die reg op vryheid van gewete, godsdiens, gedagte, geloof, opinie, spraak en uitdrukking (maar nie om enige een op te sweep of skade te berokken of om haat aan te wakker gebaseer op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens nie) (Grondwet artikel 15 en 16).

1.19 Om nie geïndoktrineer te word tot enige besondere geloof of opinie nie.

1.20 Die reg op vryheid van assosiasie (Grondwet artikel 18).

1.21 Om nie godsdienstige opvoedingsklasse of godsdienstige geleenthede by 'n publieke skool by te woon nie (met die reg aan die ouers om in hierdie verband leiding aan hulle kinders te gee aangaande die uitoefening van hierdie regte) (Grondwet artikel 15).

1.22 Om te vergader, te betoog of petisies te oorhandig sonder om inbreuk te maak op die regte van ander (Grondwet artikel 17).

1.23 Om deur die beheerliggaam geken te word aangaande die opstel of wysiging van 'n gedragskode vir leerders by die skool (SASW artikel 8(1)).

1.24 Die reg op administratiewe aksie wat wettig, redelik en volgens prosedure billik is. In die besonder, waar enige van hul regte of belange geraak word deur enige administratiewe optrede (byvoorbeeld dissiplinêre prosedure teen hulle) om skriftelike redes gegee te word vir sodanige aksie (tensy die redes openbaar gemaak is) (Grondwet artikel 33 en skedule 6; artikel 23; SASW artikel 8 en 9).

1.25 Die reg van toegang tot alle inligting wat deur die skool of sy beheerliggaam gehou word, waar hulle sodanige inligting benodig vir die beskerming of uitoefening van hul regte (SASW artikel 59).

1.26 Die reg op die beskerming en uitoefening van al hul grondwetlike regte waarna hierin verwys word, deur die staat (Grondwet artikel 7).

1.27 Die reg om van die beheerliggaam van die skool te verwag:

1.27.1 om gehalte onderwys by die skool te voorsien (SASW artikel 20(1);

1.27.2 om alle redelike maatreëls binne sy vermoë te tref om die middele deur die staat voorsien aan te vul ten einde die standaard van opvoeding aan die leerders by die skool te verhoog (SASW artikel 37).

1.28 Om van die skoolhoof en opvoeders van die skool te verwag:

1.28.1 om hul intellektuele en persoonlike ontwikkeling te verbeter;

1.28.2 dat toepaslike maatreëls getref sal word om 'n hoër vlak van professionalisme te bereik en te handhaaf;

1.28.3 dat opvoedkundige dienste van gehalte by die skool voorsien sal word;

1.28.4 dat die SA Raad van Opvoeders se gedragskode nagekom sal word en, in die besonder

1.28.4.1 dat opvoeders enige vorm van vernedering van kinders sal vermy en hulle sal weerhou van enige vorm van kindermishandeling, hetsy fisies of geestelik;

1.28.4.2 dat opvoeders toepaslike taal en gedrag sal toepas in hulle interaksie met leerders;

1.28.4.3 dat opvoeders nie lui sal wees in die uitoefening van hulle pligte nie.

1.29 Om van die staat te verwag om die skool te befonds uit publieke fondse op 'n gelyke basis om die behoorlike uitoefening van hul reg tot opvoeding te verseker (SASW artikel 34).

1.30 Die reg om nie onderwerp te word aan lyfstraf by die skool deur enige persoon nie (SASW artikel 10).

## 2. Pligte

2.1 Om die regte van opvoeders, medeleerders, ouers en nie-opvoeder personeel by die skool te respekteer.

2.2 Om die gedragskode na te kom (SASW artikel 18).

2.3 Om die eiendom van die skool of die Provinsiale Onderwysdepartement wat aan hulle

toevertrou word, goed op te pas en dit aan die skool terug te besorg op of voor die datum gespesifiseer deur enige opvoeder of die beheerliggaam van die skool.

2.4 Om 'n kultuur van verdraagsaamheid en respek vir die menseregte van andere, 'n kultuur van leer en onderrig, en respek vir skooleiendom en eiendom van die staat deur die skool gebruik, te bevorder.

**SKEDULE D: NIE-OPVOEDER PERSONEEL**

**1. Regte**

1.1 Hul regte ingevolge arbeidswetgewing, insluitende kollektiewe ooreenkomste.

1.2 Dieselfde regte as dié van opvoeders, uiteengesit in paragraaf 2.1.

**2. Pligte**

2.1 Dieselfde pligte as dié van opvoeders, soos uiteengesit in paragraaf 2.2.

2.2 Om die skoolhoof, opvoeders en beheerliggaam te ondersteun in die uitoefening van hul onderskeie pligte en funksies.

2.3 Om te verseker dat behoorlike rekords gehou word, dat gesonde administrasie toegepas word en dat 'n skoon en aangename atmosfeer vir opvoeders, leerders en hulleself by die skool geskep word.

2.4 Om toepaslike taal en voorbeeldige gedrag te gebruik in alle omgang met leerders, opvoeders,ouers en medepersoneel.

# DEEL VIII
# AANHANGSELS

Kennisgewing van verhoor........................................................................... Aanhangsel A

Kennisgewing van `n strafbepaling deur die BL ingestel ........................................ Aanhangsel B

Uitslag van verhoor................................................................................... Aanhangsel C

Kennisgewing van voorlopige skorsing .................................................................. Aanhangsel D

# Aanhangsel A

# KENNISGEWING VAN VERHOOR

**HOËRSKOOL KNYSNA**

**KENNISGEWING AAN DIE LEERDER EN DIE OUER AANGAANDE DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR**

Kennisgewing aan leerder en ouer van die leerder oor die instel van dissiplinêre prosedures teen die leerder vir `n beweerde ernstige wangedrag ingevolge regulasie 5, die Regulasies betreffende Dissiplinering, Skorseng en Uitsetting van Leerders in die Wes-Kaap, wat gepubliseer is in die Buitengewone Wes-Kaap Provinsiale Gazette No. 6939,
gedateer 15 December 2011.

---

**(Voeg in skoolbriefhoof en -adres)** Datum:…………………

Naam van ouers:………………………………………………..

Naam van leerder:………………………………………………

Adres:……………………………………………………………….

Geagte mnr./mev./me

**KENNISGEWING VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR**

1. Ooreenkomstig regulasie 5, word u hiermee ingelig dat die beheerliggaam van plan is om dissiplinêre optrede te hou op …………………………………om ………………. U teenwoordigheid sal nodig wees.
2. U kind, **…………………,** word beweer dat **(Gee rede vir voorval).**
3. U en u kind het die reg om

3.1 regsverteenwoordiger te hê en vergesel te word van `n regsverteenwoordiger of enige ander verteenwoordiger om mondeline of geskrewe vertoë te rig namens u kind;

3.2 om toegang aan te vra tot dokumente of enige ander inligting wat as getuienis voorberei is;

3.3 en om vrae te stel, onder kruisverhoor te neem, getuienis te lei, getuies te roep en dokumentêre bewys te lewer om kwessies aangaande die bewering uit te klaar;

4. Dit is baie belangrik dat u uself voorberei om die geskeduleerde verhoor by te woon.
5. U word aangeraai om die beheerliggaam betyds in te lig indien u en u kind nie op die pas, besluit kan word vir die verhoor.
6. Indien daar geen kommunikasie van u ontvang word nie, neem ons aan dat u ingewillig het om die geskeduleerde verhoor by te woon en sal die nodige reëlings getref word om met die verhoor voort te gaan.

Die uwe

**SKOOLBEHEERLIGGAAM**

**(Heg bewys van die pos van kennisgewing en/of ontvangsbewys daarvan aan)**

# Aanhangsel B

# KENNISGEWING VAN `N STRAFBEPALING DEUR DIE BEHEERLIGGAAM INGESTEL

**HOËRSKOOL KNYSNA**
**KENNIS VAN 'N STRAFBEPALING DEUR DIE BEHEERLIGGAAM INGESTEL**

Kennis van 'n strafbepaling deur die beheerliggaam ingestel, na die skuldigbevinding van die leerder aan ernstige wangedrag ingevolge regulasie 7(4)(e) en 7(7), die Regulasies betreffende Dissiplinering, Skorseng en Uitsetting van Leerders in die Wes-Kaap, wat gepubliseer is in die Buitengewone Wes-Kaap Provinsiale Gazette No. 6939, gedateer 15 December 2011.

---

**(Voeg in skoolbriefhoof en -adres)** Datum:………………………….

**Naam van ouers:……………………………………………………..**

**…………………………………………………………………………..**

**Naam van leerder:……………………………………………………**

**Adres:…………………………………………………………………….**

**……………………………………………………………………………**

Geagte mnr./mev./me

1. In opvolging van die dissiplinêre verhoor wat belê is ingevolge regulasie 7 en die Skool se Gedragskode, en gehou is op **[voeg in die verhoordatum],** en na beraadslaging oor die getuienis wat by die verhoor aangebied is, het die beheerliggaam u kind skuldig bevind strafmaatreël,

1.1 om u kind te skors van skool vir n tydperk **(Noem die getal skooldae nie langer as 7 nie);** en/of

1.2 om ___________________________ **(Enige ander strafmaatreël genoem in die skool se gedragskode, waar van toepassing)**, vir die volgende redes **[Noem redes vir die instel van strafmaatreël in 1.1 en 1.2].**

2. Hierdie strafmaatreël is van toepassing vanaf **(voeg datum in)** tot **(voeg datum in)** en u kind sal nie die skool bywoon tot na die periode ter sprake verstryk het.

Die uwe

**SKOOLBEHEERLIGGAAM**

**(Heg bewys van die pos van kennisgewing en/of ontvangsbewys daarvan aan)**

# Aanhangsel C

# KENNIS VAN UITSLAG

**HOËRSKOOL KNYSNA**

**KENNISGEWING VAN BESLUIT VAN DIE BEHEERLIGGAAM OM UITSETTING VAN LEERDER AAN TE BEVEEL BY DIE DEPARTEMENTSHOOF**

Kennis van die besluit van die beheerliggaam om aan te beveel by die Departementshoof dat die leerder uitgesit word van skoolbywoning waar hy/sy ingeskryf was ingevolge regulasie 8, die Regulasies betreffende Dissiplinering, Skorseng en Uitsetting van Leerders in die Wes-Kaap, wat gepubliseer is in die Buitengewone Wes-Kaap Provinsiale Gazette No. 6939, gedateer 15 December 2011.

---

**(Voeg in skoolbriefhoof en -adres)** Datum:………………………………

**Naam van ouers:…………………………………………………………**

**……………………………………………………………………………...**

**Naam van leerder:……………………………………………………..**

**Adres:……………………………………………………………………**

**………………………………………………………………………………**

Geagte mnr./mev./me

**KENNIS VAN DIE BESLUIT OM SKORSING AAN TE BEVEEL**

1. As gevolg van die dissiplinêre verhoor belê ingevolge regulasie 7 van die skool se gedragskode en gehou op **[voeg in die verhoordatum],** en na beraadslaging oor die getuienis wat by die verhooraangebied is,het die beheerliggaam u kind skuldig bevind aan ernstige wangedrag. Gevolglik het die beheerliggaambesluit, ingevolge regulasie 8 en die Gedragskode van die Skool dat u kind uitgesit moet word (permanent verbied word van bywoning van (Voeg in die naam van die skool)) om die volgende redes: **(Noem redes)**

1.1…………………………………………………………………………………………………………………

1.2…………………………………………………………………………………………………………………

2. Hangende die besluit van die Departementshoof om uit te sit of nie uit te sit nie, mag u kind skool bywoon tot `n besluit ontvang is.

   (OF)

   Hangende die besluit van die Departementshoor om die leerder uit te sit of nie uit te sit nie, word u kind vir `n periode van (Voeg in getal dae, nie meer as 14 . skooldae nie) geskors.

3. Let asseblief daarop dat alleenlik die Departementshoof u kind van die skool mag uitsit en wanneer dieDepartementshoof se beluit skriftelik aan u oorgedra is met die redes daarvoor aangedui, het u die reg om, binne 14 dae na ontvangs van die kennisgewing van die besluit om u kind uit te sit, by die Provinsiale Minister te appèl aan te teken teen die besluit van die Departementshoof .

4. Indien u besluit om te appèl bedien aan die Departementshoof en aan die voorsitter van die beheerliggaam.

Die uwe

**SKOOLBEHEERLIGGAAM**
**(Heg bewys van die pos van kennisgewing en/of ontvangsbewys daarvan aan)**

## Aanhangsel D

## KENNISGEWING VAN MOONTLIKE SKORSING

**HOËRSKOOL KNYSNA**
**AANBEVELING DEUR DIE BEHEERLIGGAAM AAN DIE DEPARTEMENTSHOOF OM LEERDER UIT DIE SKOOL TE SIT**

Hierdie bylae moet voltooi en voorgelê word vir elke leerder wat vir uitsetting aanbeveel is deur die beheerliggaam ingevolge regulasie 8, en MOET VERGESEL WEES VAN AL DIE DOKUMENTE BEDOEL IN REGULASIE B(1), die Regulasies betreffende Dissiplinering, Skorseng en Uitsetting van Leerders in die Wes-Kaap, wat gepubliseer is in die Buitengewone Wes-Kaap Provinsiale Gazette No. 6939, gedateer 15 December 2011. **(Voeg in skoolbriefhoof en -adres)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| NAAM VAN SKOOL: | | | |
| TEL NO: | | FAKS NOMMER | |
| NAAM VAN LEERDER: | | GESLAG: | |
| LEERDER SE SOBIS-NO:. | | GRAAD: | |
| GEBOORTEDATUM: | | OUDERDOM: | |
| KRINGSPANBESTUURDER: | | DISRIKSKANTOOR EN NAAM VAN DISTRIKDIREKTEUR: | |

**VOLTOOI ASSEBLIEF DIE VOLGENDE, DEUR "JA" OF "NEE" IN TE VUL WAAR VAN TOEPASSING:**

1. Kan die gedrag van die leerder geklassifiseer word as

2. Verskaf asseblief 'n opsomming en 'n gedetailleerde beskrywing van die insident met relevante datums.

3. Wie het die insident by die Hoof/Beheerliggaam rapporteur?

Leerder

Prinsipaal

Adjunkhoof

Opvoeder

Personeellid

Ouer(s)

Lid van die SBL

Ander

4. Wie het die beweerde wangedrag ondersoek?

---

5. Is die leerder of ouer van die leerder skriftelik ingelig van die beweerde ernstige wangedrag?

| JA/NEE | DATUM |
|---|---|
| | |

6. Het die leerder of ouers van die leerder ontvangs van die kennisgewing erken?

| JA | NEE |
|---|---|

7. Noem asseblief die datum van die dissiplinêre verhoor deur die beheerliggaam of dissiplinêre komitee:

| |
|---|
| |

8. Noem asseblief die datum waarop die besluit geneem is en/of deur beheerliggaam bekragtig is:

| |
|---|
| |

---

**AANSTELLING, SAMESTELLING VAN DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE EN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR**

| NAAM | HOEDANIGHEID | NAAM | HOEDANIGHEID |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

9 Is die dissiplinêre komitee behoorlik saamgestel op die wyse soos bedoel in regulasie 6?

---

10. Wie was voorsitter tydens die dissiplinêre verhoor?

---

11. Is hy/sy (voorsitter) lid van die beheerliggaam?

---

12. Hoeveel van die lede teenwoordig en teenwoordig by die verhoor as deel van die dissiplinêre komitee is nie lede van die beheerliggaam nie?

---

13. Was die leerder teenwoordig by die verhoor?

---

14. Wie het die leerder vergesel? Was dit ‘n ouer en/of verkose verteenwoordiger?

---

15. Is daar aan die leerder/ouer/verteenwoordiger die geleentheid gebied om sy of haar saak te stel op die manier bedoel in regulasie 7(1)?

---

16. Het die beheerliggaam of dissiplinêre komitee seker gemaak dat die leerder, die leerder se ouer(s) of verteenwoordiger, die ondersoekbeampte, die verslaggewer en/of enige ander party met 'n belang by die saak met uitsondering van lede van die beheerliggaam of dissiplinêre komitee die kamer verlaat terwyl die saak bespreek word vir die oplegging van 'n gepaste strafmaatreël?

---

17. Is die besluit en aanbeveling van uitsetting van die leerder aangeheg as deel van die rekord van die dissiplinêre prosedures?

---

18. Is die leerder voorheen skuldig bevind aan soortgelyke ernstige wangedrag? Indien wel, verskaf besonderhede:

---

19. Watter ander intervensie of bystand, indien enige, was daar vir die leerder op grond van vorige wangedrag? (Heg alle verslae aan, asseblief.);

---

20. Is die besluit om te skors en die aard van die skorsing aan die distriksdirekteur gerapporteer? Verduidelik asseblief:

---

21 Sal die leerder toegelaat word om eksamen te skryf of, alternatiewelik, watter ander reëlings is getref ten opsigte van die toeganklikheid tot onderwys en eksamens?

---

22. Addisionele kommentaar, (indien enige):

---

……………………………………………………………………………………………
**(VOORSITTER VAN DIE SBL SE NAAM EN VAN IN DRUKLETTERS ASB.)**

…………………………………………………………… ……………………………….
**(HANDTEKENING)** **(DATUM)**

**KONTROLELYS VIR VOORLEGGING VAN DOKUMENTE AAN DIE DEPARTEMENTSHOOF**

| DOKUMENTE | BEVESTIGING |
|---|---|
| 1. Noem watter soort voorlegging gebruik is, bv. geregistreerde pos/ faks/ per hand | |
| 2. Datum waarop die dokument gepos/gefaks/per hand afgelewer is aan die HOD | |
| 3. Kopie van die kennisgewing aan leerder en ouer(s) om hulle uit te nooi na die dissiplinêre verhoor, en ontvangserkenning. | |
| 4. Kopie van die brief aan leerder en ouer(s) om hulle in te lig aangaande die besluit van die SBL (Dissiplinêre Komitee), en ontvangserkenning | |
| 5. Notules van vergaderings waarop die besluit geneem is | |
| 6. Geskrewe vertoë voorgelê deur die leerder of ouers van die leerder of verteenwoordiger | |
| 7. Volle rekord van die prosedures van die dissiplinêre komitee of beheerliggaam (kopieë van alle dokumente wat deur albei partye oorgelê is tydens die verhoor ingesluit) | |